
ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

# Vrye Weekblad


6 April 1990 Tel: (011) 836--2151 Fax: (011) 838-5901 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)



## Politieke moorde:

# Pik het geweet, sê Craig

## Waar is dié man?



MAX DU PREEZ

**WAAR is Chappie Maree?**

*Maree is die enigste voorbok van die weermag se Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) wat van verskeie politieke moorde verdink word, wat nog nie sy opwagting by die Harms-kommissie gemaak het nie.*

In veiligheidskringe word nou algemeen aanvaar dat die BSB verantwoordelik was vir die moorde op onder andere die Johannesburgse akademikus David Webster en die Swapo-leier Anton Lubowski.

Maar dié BSB-voorbokke wat verdink word, het al almal na vore gekom en gesê dit was nie hulle wat die sneller getrek het by dié twee moorde nie.

Nou begin die vrae ontstaan oor hoekom Maree die enigste een is wat wegkruip.

Daar is byvoorbeeld getuienis dat Maree verlede jaar heelwat tyd in Namibia deurgebring het.

Ewe ernstige vrae word gevra oor hoe dit moontlik was vir BSB-agente om na willekeur te skuil of na vore te kom sonder dat die polisie enigsins betrokke raak.

Die jongste BSB-agent wat uit sy gat gekruip het, is Staal Burger, wat gister by die Harms-kommissie opgedaag het. (sien berig op bladsy 2)

Daar word nou gevra of dit toevallig is dat hy weggekruip het totdat Namibia onafhanklik geword het.

Daar is geen uitleweringsooreenkoms tussen Namibia en Suid-Afrika nie, so sou vermoed word dat een van die BSB-agente by die moord op Lubowski betrokke was, sou dié persoon heeltemal veilig in Suid-Afrika kan wees.

Dit is waarskynlik om dieselfde rede dat 'n regse wat deur die Namibiaanse polisie gesoek word as 'n verdagte ná die aanval op 'n Untag-kantoor waarin twee mense gesterf het, Darryl Stopforth, nou weer openlik in Johannesburg rondloop. Hy het tot nou weggekruip nadat die polisie in Namibia 'n beloning van R10 000 vir sy inhegtenisname uitgeloof het.

JACQUES PAUW

**BAASSPIOEN Craig Williamson het Suid-Afrika se superdiplomaat en minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, by die moordbende-drama betrek en gesê die minister het deurentyd geweet van die buitelandse moordsendings van die veiligheidsmagte.**

*Williamson, gewese majoor in die veiligheidspolisie en tans lid van die Presidentsraad, het Woensdagaand in 'n Britse televisieprogram gesê dat Botha as permanente lid van die Staatsveiligheidsraad oor die buitelandse optredes ingelig was.*

Williamson se uitspraak oor Botha se betrokkenheid is die eerste formele erkenning dat die Staatsveiligheidsraad by optredes van Suid-Afrikaanse moordbendes in die buiteland betrokke was.

Benewens Botha het die Staatspresident en verskeie ander ministers, onder meer van Wet en Orde, Verdediging en Justisie, permanente sitting op die Staatsveiligheidsraad.

Williamson se erkenning plaas nuwe druk op regter Louis Harms om die kommissie van ondersoek na moordbendes se verwysingsraamwerk te verbreed om ook getuienis oor buitelandse operasies, onder meer die moorde op Anton Lubowski, Ruth First, Jeanette Schoon en die ontploffing by die Londense kantore van die ANC aan te hoor.

Dr Ben Coetzee, broer van die gewese moordbende-bevelvoerder kaptein Dirk Coetzee, sê dié week dat hy self kennis dra dat die gewese kommissaris van polisie, genl Johan Coetzee, geweet het van die moord op die menseregte-prokureur Griffiths Mxenge. (sien bladsy 8)

Williamson het in in die televisieprogram, Dispatches, wat oor Channel 4 uitgesaai is, gesê: "Dit sal dom wees om te probeer voorgee dat alle ANC-mense wat hulle motors aangeskakel en die hiernamaals ingeblaas is, niks met die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte te make het nie. Ek meen, niemand gaan jou glo nie.

"Die feit is dat daar 'n oorlog was en dat hulle ons opgeblaas en doodgemaak het, en dat ons hulle opgeblaas en doodgemaak het. Sekere van die optrede word erken en andere nie," het Williamson gesê.

Op 'n vraag aan Williamson of die minister van Buitelandse Sake as lid van die Staatsveiligheidsraad van dié buitelandse operasies bewus moes gewees het, het Williamson gesê: "Ja."

Williamson lewer ook 'n pleidooi vir versoening en het aan die onderhoudvoerder gesê dat hy nie sal omgee vir 'n toekomstige president Nelson Mandela, eerste minister FW De Klerk, minister van verdediging Chris Hani (militêre leier van die ANC) en hyself as adjunk-minister van verdediging nie.

In dieselfde program het 'n gewese lid van die Staatsveiligheidsraad en strategiese kenner, dr Jake Cilliers, gesê dat militêre beplanning vir spesiale operasies aan ministers vir politieke goedkeuring voorgelê word.

Cilliers sê dat spesifieke planne aan die betrokke minister vir oorweging voorgelê word. Die minister van Buitelandse Sake word ook ingelig omdat hy spesifieke belang daarby het.

Die gewese agent van die Nasionale Intelligensiediens (NID) en huursoldaat, Martin Dolinchek, vertel dat hy in 1978 'n onthaal vir die gewese minister van polisie, Jimmy Kruger, bygewoon het waartydens die moontlikheid van moordbendes om ANC-lede uit te wis, bespreek is.

"Wanneer die Staatsveiligheidsraad besluit dat sekere mense uitgewis moet word..., word daar aan Pik Botha gevra hoe hy die probleem sal hanteer as iets sou skeefloop of selfs nie sou skeefloop nie," sê Dolinchek.

Dolinchek sê dat die regering op die hoogste vlak van die moordbendes moes geweet het. "Uit my eie ondervinding weet ek dat die reëls en riglyne binne die organisasie (polisie) dit bitter moeilik maak om op jou eie op te tree. As jy iets op jou eie doen, is jy 'n renegaat en hou jy nie baie lank nie."

Dolinchek is as ANC-lid deur Channel 4 aan kykers voorgestel en die onderhoud is in die buiteland gevoer. Die vervaardiger van die program is Nicholas Claxton, wat voorheen ook verantwoordelik was vir die omstrede dokumentêre program, "Suffer The Children".

Vrye Weekblad het in Januarie berig dat Dolinchek, veral bekend vanweë sy aandeel in die mislukte staatsgreep op die Seychelles in 1981, hom reeds in 1986 op geheimsinnige wyse by die ANC aangesluit het. Die ANC het sedertdien geweier om enigiets oor Dolinchek bekend te maak.

**Die Skim saam met Nelson by FW - 2**

Intussen sê die regsverteenwoordigers van 'n Zimbabwiese burger wat in 1987 in 'n bomontploffing by 'n winkelkompleks in Harare beseer is, in 'n brief aan die Suid-Afrikaanse ambassade in Londen dat hul voornemens is om Suid-Afrikaanse agente wat vir die ontploffing verantwoordelik was, te dagvaar.

Die regsfirma Jane Coker sê in 'n brief aan die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Brittanje dat Zimbabwiese en Suid-Afrikaanse burgers in beëdigde verklarings en video-opnames erken het dat 'n eenheid van die Suid-Afrikaanse Spesiale Magte in dié land opereer en vir die ontploffing verantwoordelik was.

In Dispatches word Christopher Bawden, 'n gewese lid van die Rhodesiese weermag, deur nog 'n Suid-Afrikaanse agent, Kevin Woods, geïdentifiseer as die gewese leier van die SAW se Spesiale Magte in Zimbabwe. Volgens Woods, wat weens onder meer spioenasie in die dodeselle in Zimbabwe sit, was Bawden tot in 1988 leier van

*Vervolg op bladsy 2*

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

Ons werk om nou 'n verskil te maak.

*Verkragting: polisie-ondersoeke is 'vernederend'*

# Verkeerde waardes verlaag vroue se status

PEARLIE JOUBERT

"DIE totale regstelsel, vanaf die makers van die wette tot die uitvoerders, is gegrond op 'n patriargale stelsel - 'n stelsel gegrond op manlike waardes - en vroue se lewens word gereël deur dié waardes terwyl hulle geen aandeel gehad het in die vaslegging daarvan nie."

Pat Anderson, 'n prokureur en veldwerker vir Rape Crisis, glo dat 'n verkragte vrou se status nie sal verander terwyl manlik-georiënteerde waardes en wette blindelings toegepas word nie.

"Die meeste regters en landdroste is deel van die manlik-gedomineerde samelewing en selfs vroue wat op die regsbanke sit, pas dié 'mangemaakte' wette toe omdat ons met dié waardes grootword," sê sy.

Sterk gevoelens oor die polisie se metodes in die ondersoek van verkragtingsake het onlangs weer na vore gekom toe 'n jong Kaapstadse meisie wat verkrag is, verplig was om haar verkragter by 'n uitkenningsparade uit te ken deur haar hand op sy skouer te lê. Sy het heeltemal histeries geword.

Haar ma het gesweer sy sal met 'n veldtog begin om dié praktyk af te skaf en stel voor dat die uitkenning van agter eenrigting-glas geskied.

## Toename

Die polisie se woordvoerder van Openbare Betrekkinge, kol Ruben Bloomberg, sê 19 368 vroue is in 1988 verkrag. Dit wys op 'n toename van 6,36 persent sedert 1987. Die verkragtingsyfer vir 1989 is nog nie beskikbaar nie, maar dui ook op 'n toename.

Bloemberg het egter gesê die toename is nie so groot soos die toename in ander ernstige misdade soos moord nie. Volgens hom word 75 persent van alle aangemelde verkragtings opgelos en is dit die misdaad met die hoogste oplossingsyfer.

## Onvolledig

Rape Crisis en People's Organisation Against Women Abuse (POWA) beweer dié statistiek is heeltemal onvolledig omdat slegs een uit elke vier verkragtings by die polisie aangemeld word. Dit beteken dat daar in 1988 tot soveel as 77 472 vroue in Suid-Afrika verkrag is.

Die Sentrale Statistiekdiens in Pretoria sê dat daar tussen Julie 1987 tot Junie 1988 altesame 10 424 aangemelde verkragtings was. In 5 243 van dié gevalle is die verkragter skuldig bevind.

Die vraag wat dikwels gevra word, is waarom so 'n klein persentasie van verkragte vroue dié misdaad by die polisie aanmeld.

Bloomberg sê dit is 'n baie sensitiewe saak en "ek dink vroue wil nie deur die hofprosedures gaan nie".

## Trauma

Pat Anderson beskryf die hofprosedure en die sosiale stigma wat aan verkragte vroue kleef, as 'n ondraaglike trauma vir baie vroue. "Vroue moet deur 'n nimmereindigende hoeveelheid prosesse gaan om te bewys dat sy verkrag is. Sy moet baie gou ná die verkragting deur 'n distriksgeneesheer of mediese dokter ondersoek word sodat die sperms nog in haar vagina opgespoor, en tekens gevind kan word dat daar gedwonge omgang was.

"Sy moet die hele verkragting stadig en dikwels meer as een maal aan die konstabel aan diens beskryf terwyl notas afgeneem word."

Indien die verkragter nie op die toneel of kort daarna gevang word nie, moet sy 'n uitkenningsparade bywoon. Op dié parades moet die verkragte vrou van aangesig tot aangesig die skuldige tussen 'n klomp mans, wat min of meer dieselfde lyk, uitwys deur aan sy skouer te vat en te sê dat dit hy is wat haar verkrag het.

"Suid-Afrika glo nog aan die ou stelsel wat nie toelaat dat vroue deur eenrigting-glas die verkragter kan uitwys nie," sê sy.

Volgens Anderson skep dié metode oneindige probleme en laat dikwels ernstige emosionele letsels. "Behalwe dat die moontlike verkragter dan uitgewys is, is die vrou ook geïdentifiseer. Wanneer die skuldige dan in die hof verskyn, en soos dikwels gebeur, hy voor sy saak op borgtog vrygelaat word, is die vrou dan baie meer weerloos vir nog 'n aanval."

## Onskuldig

In die howe, volgens 'n algemene regsbeginsel, is die verkragter onskuldig totdat die vrou kan bewys dat hy skuldig is. Wat 'n belangrike rol speel in die bepaling van die vrou se skuld of onskuld en haar geloofwaardigheid as getuie, is haar seksuele geskiedenis, haar kleredrag, haar optrede en of sy alleen in die nag rondgestap het - om net 'n paar voorbeelde te noem.

Volgens Anderson, wat nie die regsbeginsel van onskuldig totdat skuld bewys is, wil kritiseer nie, gaan dié benadering egter van die veronderstelling uit dat mans nie hul seksuele drange kan beheer nie. "Dit is 'n ou mite - verkragting is 'n gewelddadige daad, dit is aanranding. Mense word veroordeel deur 'n gemeenskap vir gewelddadige aksies teen ander mense.

Wanneer iemand 'n onskuldige persoon met 'n baksteen oor die kop slaan, word dié mens veroordeel, maar wanneer 'n man 'n vrou se geslagsdele aanrand, is die gemeenskap geneig om te sê: Sy het daarvoor gesoek."

Die moderator van die NG-kerk, Johan Heyns, het onlangs aan Vrye Weekblad gesê dat vroue in 80 persent van alle verkragtings aanleiding tot die verkragting gee.

## Toestemming

Vroue wat met verkragting te doen het en kenners op dié gebied is van mening dat die sosiale status van vroue slegs sal verander indien verkragting as aanranding gesien sal word. Die feit dat daar met 'n vrou, sonder haar toestemming, seksueel omgegaan is, behoort slegs een aspek van die aanranding te wees. Anderson is van mening dat die kriminele aspek van 'n verkragting in die fisieke aanranding moet lê en nie noodwendig in die verkragting nie.

"Wanneer verkragting 'verander' kan word in 'n daad wat deur 'n gemeenskap veroordeel word, sal vroue ook meer geredelik verkragtings aanmeld en gemakliker voel om dit bekend te maak," sê Anderson.

Die Regskommissie se uitspraak 'n jaar gelede dat getroude vroue, volgens die reg, nie deur hul mans verkrag kan word nie, het baie vrae laat ontstaan oor die wyse waarop die reg verkragtingsake hanteer.

## Verander

Voor verlede jaar was dit nêrens in die reg geskryf dat getroude vroue nie deur hul mans verkrag kan word nie.

Die kommissie het dit egter goed gedink om dit te verander.

Selfs 'n vrou wat nie meer saam met haar man woon nie, maar nie van hom geskei is nie, kan nie 'n klag van verkragting teen haar man lê nie omdat deel van die huweliksooreenkoms geslagsomgang is.

'n Prokureur van die Wes-Kaap het dié uitspraak van die Regskommissie as "argaïes en baie konserwatief beskryf". "Dit is pateties en is 'n duidelike aanduiding van die middelklas, konserwatiewe, manlik-gedomineerde kommissie wat dié bepalings gemaak het."

## Aanranding

Anderson sê: "Dit is die ergste onreg teen vroue. Dit is 'n verdraaide en saamgeflansde wetsontwerp van hoe vroue nie hul wettige mans kan aankla nie, tensy sy 'n klag van aanranding lê.

"Dié wetsontwerp is 'n stap agteruit vir die regstelsel.

"Voor dit nie verander nie, sal die gemeenskap nie verstaan waaroor verkragting gaan nie. "Voordat mense dit nie sien as 'n daad van geweld nie, sal die stigma altyd aan vroue wat verkrag is kleef en sal vroue bang wees om verkragtings aan te meld."

Sy sê die regsbegrip "onsedelike aanranding" is baie meer geskik vir die omskrywing van verkragting "en wat dié begrip nog meer aantreklik maak, is die geslagsblindheid van die begrip - dit behels nie dat die slagoffer slegs vroulik kan wees nie".

## Misdaad

Die ideologie wat prominent is in 'n gemeenskap, speel volgens Anderson ook 'n belangrike rol in die algemene opvatting van misdaad.

"In die algemeen dink mense dat geen wit vrou met 'n swartman seks wil hê nie. Die hele kwessie van toestemming gee tot seks of nie, is in dié gevalle baie duideliker - volgens die howe en volgens die publiek.

"Daarom ontstaan die situasie waar swartmans wat 'n wit vrou verkrag het, in die algemeen, 'n swaarder vonnis ontvang as wanneer 'n wit man 'n wit vrou verkrag het," sê Anderson.

Dieselfde geld ook swart vroue wat verkrag word.

## Diskriminerend

"Baie mense het baie vreemde en soms rassistiese vooropgestelde idees oor die morele waardes van swart vroue. Mense dink dat swart vroue minder 'diskriminerend' is ten opsigte van die persone met wie hulle seks wil hê. Mense is geneig om te dink dat swart vroue makliker ja sê vir seks en nie eintlik omgee nie."




## Soveel is verkrag


Die Sentrale Statistiekdiens het die volgende statistieke vir die periode Junie 1987 tot Julie 1988 verstrek:

* Verkragting van wit vroue deur wit mans: vervolgings: 125
  skuldig bevind: 67
* verkragting van Kleurling- en Indiërvroue deur wit mans: vervolgings: 49
  skuldig bevind: 31
* verkragting van swart vroue deur wit mans: vervolgings: 39
  skuldig bevind: 24
* verkragting van wit vroue deur Kleurling- of Indiërmans: vervolgings: 52
  skuldig bevind: 36
* verkragting van wit vroue deur swartmans: vervolgings: 97
  skuldig bevind: 69
* verkragting van Kleurling-vroue deur Kleurling-mans: vervolgings: 10 062
  skuldig bevind: 5 016

# Teken nou in op jou gunsteling-koerant en ontvang 'n gratis T-hempie!




Hierdie aanbod geld slegs tot 4 Mei. Daarna is hulle teen R15 elk op bestelling beskikbaar by Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113



Binnekort kan jy jou Vrye Weekblad by die huis afgelewer kry! Daar is nou geen verskoning om 'n naweek sonder Vrye Weekblad te begin nie. Ons verspreiders stryk nou die laaste probleme met huis-aflewering uit, so hou dié bladsy dop vir verdere inligting!
Dit kos nou R75 (AVB ingesluit) per jaar en R40 vir ses maande.
Pos-aflewering kos dieselfde.
Buitelandse intekenkoste op navraag beskikbaar. Skakel (011) 836-2151.

## ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

## Kom, loop saam met ons die toekoms in

ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA
**Vrye Weekblad**

Ek wil graag vir 12/6 maande op Vrye Weekblad inteken.
Die adres is Posbus 177, Newtown 2113

Naam:____________________

Adres:____________________

____________ Poskode________

Ek sluit 'n posorder/tjek van R75/R40 in

*Dirk Coetzee se broer wonder...*

# 'Gaan Harms werklik die waarheid ontbloot?'

**Dr BEN COETZEE, broer van die selferkende leier van die polisie se moordbende, kapt Dirk Coetzee, begin wonder of die waarheid oor die moordbendes se bedrywighede werklik deur die Harms-kommissie ontbloot gaan word. Hy self dra kennis daarvan dat die gewese kommissaris van Polisie, genl Johan Coetzee, geweet het van die moord op Griffiths Mxenge - 'n moord wat die polisie nou ontken in hul opdrag uitgevoer is**

EK volg nie die gebeure by die Harms-kommissie noukeurig nie, deels omdat ek my verlaat op die regter se bewese vermoëns en deels omdat dit vir my byna ondenkbaar is dat die essensie van die Polisie se moordbende-bedrywighede soos ek die storie het, nou nog toegesmeer kan word.


Nou begin ek tog onrustig raak. Mense wie se mening ek geweldig respekteer begin twyfel oor die doeltreffendheid van die prosedures. Die indruk wat die media soos die SAUK by my en ander wek, is dat daar amptelik van owerheidsweë nog redelike twyfel kan bestaan dat Mxenge ooit by so 'n moordbende betrokke was en dat my broer kapt Dirk Coetzee sy opdragte van hoër gesag ontvang het.

Miskien het ek te nóú met die gebeure saamgeleef en verwag ek te veel van die regter en die publiek. Ek het ook al half vergeet hoe seker ek by geleentheid was dat die waarheid sou seëvier en dan het dit nie; in elk geval nie in die openbaar nie.

Daar is bitter min wat ek aan die saak kan doen. Maar miskien is daar tog iets en daarom gaan ek inligting wat ek in 'n vertrouensposisie by brig Jan du Preez gehoor het, uitblaker. Oom Jan was vroeër tweede in bevel van Veiligheid by die Suid-Afrikaanse Polisie en hy het in my teenwoordigheid dinge gesê wat by my geen twyfel hoegenaamd laat nie dat my broer Dirk se hoofde haarfyn van die moordbende-bedrywighede geweet het én dat dit hul goedkeuring weggedra het. Die storie het ook 'n interessante aanloop wat miskien van openbare belang kan wees.

Oom Jan, dit gaan moeilik wees om u weer in die gesig te kyk. Dit is nie my gewoonte om vertroue te breek nie. Dit is veral moeilik, aangesien u my in u vertroue geneem het wyl ek by u om hulp aangeklop het. Boonop, meen ek, was u die enigste een wat nie met Dirk wou mors tydens sy interne verhoor nie. Verder het Dirk 'n sagte plek vir u en tant San.

Ter inleiding sê ek dus ek is jammer. U sien egter self hoe hulle nou weer met Dirk en sy karakter wil mors. U het gesien waar hulle met hom wou heen nadat Nofemela gepraat het. U het self daarna verkies om Dirk te vermy. En, oom Jan, die magsmisbruik deur die geheime brigade is werklik 'n groot kopseer vir ons klomp slagoffers.



Dirk Coetzee

Nou mý storie.

Ek was en is waarskynlik weer, of nog steeds, 'n amptelike veiligheidsrisiko. Ek het van dié lastige uitspraak verneem nadat ek veiligheidsklaring vir 'n werkprojek moes kry. Presies waaraan ek skuldig was, kan ek nie sê nie. Ek was nie by my verhoor nie (ekskuus Kafka). Dit het glo gegaan oor dinge wat ek by my werk kwytgeraak het.

'n Hoë weermagoffisier het my egter verseker dat sulke besluite deur baie verantwoordelike mense geneem word. Met dié troos aan my en die publiek het ek maar berus.



Dr Ben Coetzee

Toe ek egter weer skielik van 'n latere projek onttrek is weens veiligheidsklaring, het ek besluit om die saak met die Polisie te probeer opklaar. Ek was naamlik daarvan oortuig dat ek geen veiligheidsrisiko was nie en dat ek die Polisie daarvan kon oortuig. Ek is na die veiligheidshoofkwartier in Pretoria, dwarsdeur die sekuriteitsdeure tot in die portaal. Daar het ek verduidelik dat ek my klaring wil bespreek en iemand het afgekom om my te ontmoet. Hy wou my nie na sy kantoor neem nie en ons moes in die portaal gesels. Ek het kortliks verduidelik en gevra of ek my asseblief aan ondervraging kon onderwerp sodat hulle my na behore kon evalueer. Hy het my beleefd daarop gewys dat nòg hy nòg enigiemand anders die saak met my kon bespreek. Toe ek vra of daar enige manier is hoe ek ooit, selfs in die verre toekoms, van die swartlys verwyder kon word, het hy betekenisvol en simpatiek geglimlag.

Goed dan maar... Teen daai tyd was ek in elk geval al redelik fatalisties. Ek het gesien hoe die owerheidsmasjien met my broer werk in sy interne Polisieverhoor en in 'n latere siviele geding, na sy gespook teen beweerde ongemagtigde meeluistering deur die Polisie. Op 'n dag toe ek en Dirk egter sit en gesels, kom die onderwerp weer ter sprake en ek vra hom of, as die voordeur dan toe is, daar nie dalk 'n agterdeur is waarlangs ek van die lys af kan kom nie. Toe neem hy my na "Oom Jan" - die humoristiese brig Jan du Preez wat ek op "Spies en Plessis" leer ken het.

Oom Jan het al afgetree en was nie meer die tweede-in-bevel van Veiligheid nie. Hy is weer in diens geneem om een of ander geskiedenis vir die Polisie te boekstaaf en het min invloed in Veiligheidsake gehad. Hy het egter tog nog 'n kontak op 'n goeie plek gehad en sou kyk wat hy kon doen (ek sê weer dankie Oom Jan). Wat hiér van meer belang is, is dat terwyl ons buite op die grasperk gesit het, het brig Jan du Preez en my broer Dirk land en sand gesit en gesels oor hulle vroeëre eskapades in die Veiligheidspolisie en oor die veranderinge in hul top-struktuur. Die moord op Griffiths Mxenge het ook aan die beurt gekom.

Dirk het my al vroeër van dié operasie vertel, hoe hy agterna aan brig Du Preez gaan verslag doen het, hoe hulle die vermoorde se motorradio - "gered" het voordat hulle die vermoorde se voertuig verbrand het - in brig Du Preez se bakkie geïnstalleer het, hoe die radio toe weer gesteel is, en so meer.

Uit die gesprek het dit geblyk dat Dirk na afloop van die operasie volledig aan brig Du Preez verslag gedoen het oor die moord op Griffiths Mxenge. Die brigadier het ook vertel hoe genl Johan Coetzee uit 'n vergadering geroep is om hom omtrent die moord in te lig.

Genl Coetzee wou, aldus brig Du Preez, by hom (Du Preez) weet wie dit gedoen het. Du Preez het egter geantwoord dat hy nie wil weet wie dit gedoen het nie.

Dit dan, is my straaltjie, sodat ek nie later die verwyt moet hê dat ek stilgebly het toe die geleentheid daar was om te praat nie.

'n Paar weke na dié ontmoeting tussen my, Dirk en Jan du Preez, het Dirk laat weet dat Oom Jan sê ons moet 'n aansoek om veiligheidsklaring "ingooi" sodat ons kan sien of hy suksesvol was. Oom Jan kon naamlik nie waarborg dat dit sou wees nie. Ek het besluit om dit nie te doen voor dit werklik nodig was nie.

Islam aan die wêreld

786

In die naam van God die Genadigste die Barmhartigste

Het u geweet dat Islam die enigste geloof is wat aan wette van die natuur voldoen?
Het u geweet dat Islam se Heilige Boek (die Heilige Koran) die enigste bestaande godsdienstige boek ter wêreld is wat vir amper 15 eeue onveranderd gebly het?
Het u geweet dat die Heilige Koran die enigste godsdienstige boek is wat in sy geheel deur duisende Moslems wêreldwyd gememoriseer word?
Het u geweet dat Islam die enigste godsdiens is wat alle boodskappers wat deur God aan die mensdom gestuur is, aanvaar?
Het u geweet dat die Islamitiese Heilige Boek, Heilige Koran, die enigste boek is wat wetenskaplike bewyse vir die oorsprong van die heelal het?
Het u geweet dat Islam die enigste geloof is waar God self in die Heilige Koran sê: "Vandag vervolmaak ek julle geloof en maak ek my guns aan julle (o mensdom) volkome en kies ek Islam as julle geloof"?

Vir enige navrae oor bogenoemde stellings in verband met Islam, skryf aan:
Die Sekretaris
Islam to the World
Posbus 2
LOTUSRIVIER
7945

Vir u gratis brosjure "What is Islam?" rig versoeke aan bogenoemde adres.

## SA se leiers (24): Alfred Nzo

AUDREY BROWN

ALFRED BAPHETHUXOLO NZO, die ANC se sekretaris-generaal, word as een van die vriendelikste mense in die Suid-Afrikanse politiek beskryf. Na Oliver Tambo en Nelson Mandela is hy die mees senior amptenaar van die ANC.

Hy is op 19 Junie 1925 op Benoni gebore, en is een van vyf kinders. Sy pa was 'n klerk by die Modder B-goudmyn.

Nzo het sy skoolloopbaan by die Rooms Katolieke-Skool op Mariazell naby Matatiele begin, en in 1944 by Healdtown-sendingskool gematrikuleer.

Daarna het hy by die Universiteit van Fort Hare vir 'n BSc-graad ingeskryf, maar nie sy studies voltooi nie. Hy is Johannesburg toe waar hy as 'n deeltydse student aan 'n tegniese kollege 'n gesondheidsinspekteurskursus voltooi het.

Hy het twaalf jaar lank as inspekteur in Alexandra naby Johannesburg gewerk, en dáár het hy die armoede en frustrasies van swartmense beleef. Dié ervaring, tesame met sy kontak met die ANC-jeugtak, het hom na die politiek gelei. Hy is uit sy amp as inspekteur ontslaan as gevolg van sy politieke bedrywighede.

In 1950 het Nzo, as lid van die ANC, aan die May Day-staking en later die landwye wegbly-aksie van 26 Junie deelgeneem. Hy was ook betrokke by die veldtog van die Vryheidsmanifes in Junie 1955.

In 1957 was hy die sekretaris van die busboikot-kommitee in Alexandra, en in 1958 is hy tot beide die Tranvaalse en nasionale uitvoerende raad van die ANC verkies.



Toe hy sy werk in 1958 verloor, het hy as voltydse organiseerder vir die ANC begin werk. Hy was ook betrokke by New Age, dié organisasie se koerant.

Vanaf 1959 is Nzo ingeperk, en dikwels aangehou.

In 1961 is hy vyf maande aangehou omdat hy nie 'n permit gehad het om in 'n stedelike gebied te woon nie. In 1962 is hy tot Mofolo ingeperk en onder huisarres geplaas.

Hy was ook betrokke by die verhoor van swart leiers na die "All-In Afrika Conference" wat in 1961 in Pietermaritzburg gehou is. Op 24 Junie 1963 is Nzo vir 238 dae aangehou. Hy is in 1964 vrygelaat.

Met sy vrylating is Nzo landuit om by die ANC se buitelandse sending onder leiding van Oliver Tambo aan te sluit.

Nzo was vanaf 1964 tot 1967 as die ANC se adjunk-verteenwoordiger in Kaïro, en daarna na Nieu-Delhi as hoof-verteenwoordiger.

Hy is in 1969 tot sekretaris-generaal verkies.

*Wêreldkonferensie waarsku*

# Rookgewoonte eis meer lewens as Aids

PERTH - Sowat 'n half-biljoen van die mense wat vandag leef, sal uiteindelik doodgaan omdat hulle rook.

Dié waarskuwing kom van die sewende wêreldkonferensie oor tabak en gesondheid wat tans in Perth gehou word.

Richard Peto van Oxford-universiteit en voorsitter van die Wêreld Gesondheidsorganisasie het die verwagte gevolge van rookgewoontes bestudeer. Hy sê 200 miljoen van vandag se kinders en tieners tel onder die toekomstige slagoffers.

In die 1990's sal daar omtrent 3 miljoen sterfgevalle per jaar wees as gevolg van rook. Teen die tyd dat vandag se tieners middeljarige ouderdom bereik, sal daar sowat 10 miljoen rook-verwante sterftes per jaar wees.

"Wat regtig saak maak, is die toekoms: ons kan nie die 8 000 help wat vandag as gevolg van hul rookgewoontes doodgaan nie, maar baie van die 28 000 daaglikse sterfgevalle van die toekoms kan voorkom word indien mense hul rookgewoontes verander," sê Peto.

"Om op te hou rook, werk. As jy wag totdat jy longkanker het voordat jy ophou, kan dit te laat wees. Maar as jy ophou vóór jy kanker of een of ander ernstige siekte het, kan jy die grootste deel van die risiko verbonde aan tabak vermy", sê hy.

Met verwysing na die half-biljoen rokers wat as gevolg van die rookgewoonte sal doodgaan, sê Peto: "Party is reeds oor sewentig en sal in elk geval doodgaan, maar 'n kwartbiljoen mense tussen 35 en 69 sal gemiddeld 20 jaar van hul lewensverwagting verloor.

"Dié syfers klink reusagtig, maar hulle is korrek." Peto sê ook projeksies wys dat twee tot drie-miljoen mense vanjaar in China as gevolg van rookverwante siektes sal doodgaan. Die getal Chinese mans wat teen die jaar 2025 aan longkanker sal doodgaan, is 900 000 per jaar.

Na raming sal rooksterftes veel meer wees as Aids-verwante sterftes, sê Peto.

Hy het beklemtoon dat die wêreldbevolking-spiraal nie deur rooksterftes beïnvloed word nie omdat die meerderheid sterftes buite die reproduktiewe ouderdomsgroep val.

Hy sê projeksies word gegrond op die beste beskikbare sterftepatrone, rookgewoontes en demografiese tendense.

Die administratiewe sekretaris van die Wêreld Gesondheidsorganisasie, Roberto Masironi, sê: "Hierdie sterftes is nie onvermydelik nie. Individue kan kies om nie te rook nie en regerings kan omstandighede skep waarin 'n klein of 'n groter deel van die bevolking sal verkies om nie te rook nie." - AFP

**Saterdag, 7 April is Wêreldgesondheidsdag**


**MEDIATION & CONFLICT MANAGEMENT WORKSHOPS FOR JOURNALISTS**

**A Cross Times and Centre for Intergroup Studies (UCT) Initiative**

**INTERNSHIPS**

Four full-time internships for professional - and student - journalists (April - December 1990)

**WORKSHOPS**

Three 4-day workshops on:
* Conflict Handling (29 - 31 March)
* Mediation Skills (19 - 21 April)
* Group Community Dynamics (26 - 28 July)

**MEDIA CONFERENCE**

International Media Conference and Photo Exhibition on:
* The Media and Conflict in a Post-Apartheid Society
(Cape Town and London Nov 1990)

*(Conference speakers will be from publications and organizations in Israel, Nicaragua, Northern Ireland, Philippines and South Africa)*

For more information call Melissa Baumann at Cross Times
Tel (021) 7971498
Fax (021) 7971559
42b Goldbourne Rd, Kenilworth, Cape


# Kruie bied hoop vir dwerge



BEIJING - Na die gebruik van 'n kruie-"groeikorrel" vir twee jaar, het Lui Wei, 'n 20-jarige dwerg, altesame elf sentimeter gegroei. Dokters sê indien hy met die behandeling voortgaan, kan hy nóg 10 sentimeter groei.

Lui Wei was 18 toe hy saam met sy ouers na die instituut vir dwerge in Chongqing in die suidwestelike Sichuan-provinsie van China gegaan het. Hy was net 135 sentimeter lank en sy toestand is as pituïtêre verdwergdheid gediagnoseer.

"Ek was 'n goeie student op skool," sê hy. "Maar ek het altyd verneder en klein tussen my groot en gesonde klasmaats gevoel. Daarom het ek uiteindelik die skool verlaat."

Met sy ouers se toestemming kry Lui nou behandeling by die instituut en verwag hy om 156 sentimeter lank te word.

Dai Zhi, direkteur en stigter van dié instituut vir dwerge, sê Lui se toestand is die gevolg van die onvermoë van sy pituïtêre klier om genoeg groeihormore vry te stel. Sulke pasiënte behou dan die voorkoms en lengte van 'n kind selfs in volwassenheid. Dié toestand kom in een uit duisend gevalle voor.

In die twee jaar sedert die instituut geopen het, het dokters reeds 'n aansienlike getal pituïtêre pasiënte behandel, met bevredigende resultate. Daar is geen maksimum ouderdomsbeperking vir behandeling nie.

Deur die behandeling van verskeie soorte groei-vertragings het dokters reeds drie soorte "groeikorrels", genommer Een, Twee en Drie, ontwikkel. Dié korrels is donkerbruin en soet. Dit kan daagliks as 'n drankie geneem word nadat die korrel in kookwater opgelos is. Die samestelling van die middel word streng geheim gehou.

Groeikorrel Nommer Een is vir mense wat kort is as gevolg van wanvoeding of anoreksie. Nommer Twee is vir mense wie se groei vertraag is as gevolg van siekte tussen die ouderdom van 10 en 15. Korrel Nommer Drie is ontwikkel vir dwerge wat ouer as 15 is.

Tradisionele Chinese medici glo dat 'n individu se groei en ontwikkeling nie net lê in sy ingebore kern en energie nie, maar ook in die beheer van daardie kern en energie ná 'n persoon se geboorte. Die niere is die oorsprong van kognitiewe samestelling, terwyl die milt en maag die basis verskaf vir verworwe samestelling. Die groeikorrel-teorie is juis hierop gegrond, ontwikkel en verbeter. Groeikorrels hou die niere in stand en versterk die milt met die gevolg dat sellulêre metabolisme verander en dat beengroei versnel word. Sodoende help dit groei-vertra-ging teenwerk.

Dr Dai sê anoreksie, swak spysvertering en wanvoeding is verantwoordelik vir die meeste gevalle van groei-vertraging en pasiënte onder 18 kan makliker gehelp word.

Daar is egter 'n uitsondering. Pasiënte wie se been-ouderdom laer is as hul natuurlike ouderdom, staan ook 'n goeie kans. Dr Dai sê die twee ouderdomme kan uit pas wees wanneer 'n individu se ontwikkeling as kind deur siekte of wanvoeding versteur is.

Chinese mediese wetenskaplikes ondersoek ook groeiprobleme. Beijing se Union-hospital werk saam met Swede aan die onttrekking van groeihormone uit pituïtêre kliere van goed-ontwikkelde mense om groei-vertraging daarmee te behandel.

'n Sintetiese groeihormoon is ook ontwikkel, maar dit het onwenslike newe-effekte.

In verhouding blyk kruie-behandeling meer aanvaarbaar te wees. Die afgelope twee jaar is 14 000 mense reeds by die instituut behandel en 70 persent van die behandelings was suksesvol. - Novosti

*Minagting van die hof*

# Het ons die reg om regters te kritiseer?

MINAGTING van die hof word gedefinieer as die ondermyning van die waardigheid en gesag van die hof in die uitvoering van wette.

Volgens regsgeleerdes met wie Vrye Weekblad gesels het, het die eerste minagting-saak ontstaan in dié dae toe die koning van Brittanje nog regter gespeel het. Toe sy werk te veel word, stel hy sommer 'n paar mense aan om party van sy take oor te neem.

"Mense het seker die spot gedryf en gevra of hulle dink hulle die koning is, en toe geen notisie van dié vroeë regters geneem nie. Hulle het natuurlik gekla by die koning. Hy het toe voorsiening gemaak om hul gesag te versterk," meen Regter David Freedman, 'n afgetrede regter aan die Natalse regsbank.

Freedman, wat tans in Amerika woon, sê: "Suid-Afrikaanse joernaliste en die publiek in die algemeen is nogal goed ingelig oor wat hulle kán of nie kan sê en doen nie sover dit die howe aangaan."

Diegene wat om kommentaar genader is, is dit almal eens dat die publiek beslis die reg het om regters se bevindings in die hof te kritiseer, en selfs te bevraagteken, maar dat dit in "matige taal" gedoen moet word.

"Dit hang af van die taal wat gebruik word om die opinie te lug. Solank dit nie beledigend of verkleinerend is nie, kan dit toegelaat word. Maar daar is 'n baie dun lyn tussen regverdige kommentaar en kommentaar wat as beledigend beskou kan word. Dit is ook nogal snaaks dat die regstelsel self besluit oor die saak as dit dan voor die hof verskyn," voeg Freedman verder by.

**Die leier van die Konserwatiewe Party in die stadsraad van Boksburg moet op 17 April in die hof verskyn om redes aan te voer waarom hy nie weens minagting van die hof skuldig bevind moet word nie. Hy het die regter gekritiseer wat bevind het die KP moet Boksburg vir alle rasse oopstel. Dit het weer die vraag laat ontstaan: in hoe 'n mate mag 'n regter en sy uitspraak gekritiseer word? Wat presies is minagting van die hof? AUDREY BROWN het gaan uitvra**



Die meeste van die regsgeleerdes glo dat die wet nodig is, veral as 'n mens in die oppergesag van die wet glo."As 'n mens in die regstelsel glo, en die oppergesag van die wet, dan moet dit eerbiedig word," meen 'n advokaat wie se naam weens etiese redes nie genoem mag word nie.

"Maar as daardie gesag homself ondermyn deur vonnisse te op te lê wat maak dat die publiek respek vir dié gesag verloor, kan die beskerming van die howe bevraagteken word.

"En dit het ons veral in die Rabiejare gesien, toe daar selfs 'n pos geskep is in 'n poging om 'n politieke invloed op die reg uit te oefen," sê hy.

Prof John Dugard van die Universiteit van die Witwatersrand sê: "In die verlede is dit baie gebruik deur regters om daaragter te skuil. Maar nou gebeur dit nie meer nie."

Die mees opspraakwekende minagting-saak was dié van prof Barend van Niekerk van die Universiteit van Natal toe hy in die vroeë sewentigerjare 'n reeks artikels geskryf het waarin hy regters beskuldig het van rassisme in die toepassing van die doodstraf.

Hy is skuldig bevind weens minagting van die hof en moes 'n boete betaal.

Volgens Dugard, wat 'n hele paar artikels daaroor geskryf het, is die wet "deel van die politieke proses in die land en as sulks kan die publiek hulself vryelik uitspreek daaroor. Alle mense, van beide links en regs, moet die reg hê om 'n opinie oor die regsproses in dié land te lug."

Freedman glo dit is belangrik om die integriteit en waardigheid van die regstelsel en regters te verdedig.

"Maar dit beteken nie dat hulle onaantasbaar is nie. 'n Mens moet egter 'n onderskeid tref tussen die individu wat die amp beklee, en die amp self. Hoewel 'n mens die reg het om te sê wat hy of sy wil, moet die amp van regter steeds beskerm word om dit nie in die aansien van die gemeenskap te verlaag nie.

"In Amerika geniet die wet 'n baie lae aansien, en na my mening is dit as gevolg van die feit dat daar geen beskerming vir die integriteit van die reg is nie. Hier is verhore deur die pers 'n baie algemene saak."

# Toe preek die regter vir die dominees...

**INA VAN DER LINDE**

PRETORIA - Die regter preek toe dié week vir die dominees.

Tydens 'n gereëlde byeenkoms van dominees, wat dié week in Brooklyn plaasgevind en deur oud-appèlregter John Trengrove toegespreek is, het die regter oor volksondes, geregtigheid, naasteliefde en skuldbelydenis gepraat.

En hy het by sy eie "bekering" begin, as junior advokaat vir die staat versus Mandela, Tambo, Kathrada, Mbeki, Sisulu, Helen Joseph en so aan.

Die marathon-hoogverraadsaak het in Augustus 1957 begin en tot einde 1961 geduur.

Sowat 300 mense is destyds in hegtenis geneem en weens hoogverraad aangekla.

Dit is gestel dat hulle massa-optrede beplan en konfrontasie met die staat en die polisie soek, met dié doel om die staat met geweld omver te werp.

Dié getal is later verminder na 'n 100 aangeklaagdes, en sowat 30 is end-uit aangekla. Na vier jaar het die staat die saak laat vaar en is nie een skuldig bevind nie.

Die jong John Trengove is deur Oswald Pirow gevra om hom as staatsadvokaat by te staan.

Dis oor dié saak wat oud-appèlregter John Trengrove Maandagaand by 'n byeenkoms van Reforum - 'n gespreksgroep binne die NG Kerkfamilie wat sake soos geregtigheid, versoening en kerkeenheid probeer aanspreek - gepraat het oor die invloed wat die saak op sy lewe gehad het.

Hier het hy in aanraking gekom met die swart werklikhede. Hoe die swart bevolking die apartheidswette daagliks aan die lyf voel.

Dié ontdekking is gemaak in dieselfde tyd wat ds George Daneel van die organisasie Morele Herbewapening hom uitgedaag het om dit wat hy as Christen glo, in die daaglikse lewe toe te pas.

"Ons het ontstellende dinge as blankes gedoen. Ons het wette gemaak waarin die naasteliefde nie na vore kom nie."

Wette soos die Wet op Grondbesit van 1913. In die Oos-Kaap alleen het sowat 2 000 swart veeboere uitstekend gevaar - beter as hulle wit eweknieë in die gebied.

Die myne en wit boere het egter arbeid nodig gehad, sê Trengove. Die Wet op Grondbesit word aangeneem en skielik mag die swartman nie langer daar boer nie.

Die vroeëre grondbesitters had net twee keuses. Om pad te gee na die stede om werk te soek, of 'n ooreenkoms met 'n wit boer aan te gaan om as arbeider vir hom te werk.

"So het ons die trek na die stede begin. Duisende der duisende swartmense het na die stede verhuis."

Hy verwys na Soweto, waar winkeliers volgens wet in net sowat 27 artikels kon handel dryf - artikels soos vuurhoutjies en kerse.

Die wet het ook die grondoppervlak van 'n winkel bepaal, sodat winkeliers nie handelsware kon opgaar nie.

En die paswette. Een storie: Hy moes 'n saak aanhoor waar 'n swartman in Randburg by 'n kafee stilgehou het om brood te gaan koop. Net uit sy motor word hy op die sypaadjie in hegtenis geneem omdat hy nie sy pas by hom het nie. Die pas lê in die motor.

"Ek het die man vrygespreek omdat ek gesê het dit was tog nie die wetgewer se bedoeling dat 'n man elke oomblik sy pas by hom moet hê nie. Die staat vat toe die saak Appèlhof toe, wat beslis goed of sleg, die wet sê passe moet altyd op die lyf gedra word."

Hy verwys na die verwydering van die sogenaamde "Kleurlinge" van die kieserslys, en na die Wet op Groepsgebiede. Dr TE Dönges het destyds gesê met dié wet sal Indiërs so gery word, dat hulle uit die land padgee. En wie onthou nog die verwysing na Indira Gandhi as "die koeliemeid"?

Een ding wat swartmense Hendrik Verwoerd nie kan vergewe nie, is dat hy gesê het swartmense is nie in staat om bokant 'n sekere vlak te vorder nie. "Bantoe-onderwys" moes dus ingestel wees op standerd vier-vlak. En waar het dit ons vandag gebring?"

Naasteliefde, sê Trengove, moet meebring dat 'n samelewing op geregtigheid gegrond moet wees. Die kerk moet hierin die gewete van die staat wees.

Die Bergpredikasie praat van "honger en dors na geregtigheid" - En wat van 'n profeet soos Miga, wat sê "moenie worry met al die kallers en goeters wat julle vir God offer nie. Wat nodig is, is dat julle reg moet laat geskied, en trou sal bewys en bedagsaam sal lewe voor God."

Kerkmense het die plig om te praat as daar 'n toestand heers wat nie billik en regverdig is nie. Kyk na ons volksondes, sê hy. Soos ons arrogansie en onverdraagsaamheid teenoor ander en teenoor mekaar. Die eiegeregtigheid en verwaandheid.

Die NG Kerk is ook hieraan skuldig, want oor die jare as stemme in die Kerk verhef is teen die sake, is die mense verguis.

Mense soos prof BB Keet van Stellenbosch, dr Beyers Naudé, ds George Daneel, prof Ben Marais en later, dr O'Brien Geldenhuys.

Die miskenning van ander se menswaardigheid tel hieronder. Almal is na die beeld van God geskape, en verdien om menswaardig behandel te word.

Die Kerk het nog nooit gepraat teen die euwels wat inherent is aan die stelsel van apartheid nie. Naasteliefde is nie om iemand "in beginsel" lief te hê nie. Naasteliefde moet uitgeleef word.

Wat nodig is, is 'n skuldbelydenis. Die beleidstuk van die NG Kerk, Kerk en Samelewing, gaan hierin nie ver genoeg nie.

"Solank as wat ons nog stilbly, is ons mede-verantwoordelik vir wat gebeur het. Ons dra die verantwoordelikheid en is aandadig vir die woede wat vandag onder swartmense heers. In Daniël 9 is daar 'n belydenis oor die sondes van die voorvaders. Ons moet die misstande aanspreek. Ons het in ons opdrag gefaal en behoort dit te bely."

Later sê Trengove op 'n vraag: "Kerk en Samelewing is nog nie op die gemeentelike vlak deurgevoer nie. Ek vind nie dat daar 'n poging aangewend word om nuwe gesindhede te skep nie."

Sou hy vandag anders dink oor die Mandela-saak van destyds? "Ek sou vandag waarskynlik nie betrokke wou raak by so 'n saak nie."

Prof Ben Marais wys op die houvas wat die tradisie destyds op die Afrikaner gehad het. Dit was destyds net ondenkbaar om apartheid te kritiseer."

"As jy dit in daardie jare net durf kritiseer het, was dit asof jy op 'n ysberg staan. Alles om jou het gevries."

'n Bydrae van die afgetrede prof Willem Kleynhans: "Ek is van geboorte af gebreinspoel. In die dertigerjare met die ding van Swart Gevaar. Dis onmoontlik om met die houvas van die tradisie te breek as die Here ons nie help nie."

**Maatskaplike Werker**

***Kleinmond-Kindersorgvereniging het 'n maatskaplike werker vir gevalle- en gemeenskapswerk in ons klein gemeenskap nodig.***

***Normale vergoeding en voordele.***

***Bel (02823) 3054 vir verdere besonderhede, of skryf met CV en dokumente aan:***

**Maatskaplike Werk Sub-komitee**

**Posbus 108**

**Kleinmond**

**7195**

## *Bloedige Natal-geweld duur voort*

# Hier sê die kinders nie kinderrympies op nie

**Die bloedigste oorlog in die wêreld woed op die oomblik in die Pietermaritzburg-gebied. CHRISTELLE DE JAGER soek antwoorde oor wat aangaan en hoekom**

"EK wens soms dat ek kan gaan slaap en nooit weer wakker word nie, net sodat dit kan ophou. Dit voel asof dit al manier is waarop dit ooit sal eindig."

Dit is die woorde van 'n jong joernalis wat in Ashdown in Pietermaritzburg se Edendale-vallei bly, net een van die gebiede in Natal wat vir die afgelope vyf jaar deur geweld geteister is.

Ondanks die stappe wat Staatspresident FW De Klerk dié week aangekondig het om die daaglikse slagting in Natal te beëindig, is die meeste township-mense maar swartgallig oor die toekoms.

Hulle is moeg en ken die realiteite van 'n oorlog wat families, vriende en townships verdeel het en hul daaglikse lewens so ontwrig het dat baie nie eens meer kan onthou hoe dit voel om 'n normale lewe te lei nie.

Waar jy bly, wie jy ken en die skool wat jy bywoon, is net 'n paar van die faktore wat tot jou dood kan lei.


Die meeste mense het geen keuse nie. Hulle is "UDF" of "Inkatha", of hulle wil of nie, en of hulle weet waarvoor die organisasies staan of nie.

Die tekens van die buitengewone politieke kultuur waarbinne die mense grootword, kan selfs by jong kinders gesien word.

"Is jy theleweni (Inkatha) of amaqabane (UDF)?" het 'n drie-jarige kind, wat by 'n aanvalstoneel in die sand gespeel het, my in Zoeloe gevra.


"Hoor jy, hy is slim. Hy weet al klaar van die goed," het sy trotse ma ('n Inkatha-lid) laggend vir my gesê. Ek het stil gebly.

In die meeste van die townships sing laerskoolkinders nie meer tradisionele liedjies of kinder-rympies nie. Hulle sing liedjies met politieke inhoud wat hulle glad nie verstaan nie en speel "vang 'n theleweni (of amaqabane)" gedurende pouse soos wat ander kinders tradisioneel polisie-en-rowers speel.




Inkatha-ondersteuners op pad na 'n begrafnis

(Foto: Guy Tillim - Afrapix)



Gepantserde voertuie in Edendale

(Foto: John Parkin - AP)



Nelson Mandela met 'n vlugtelingskind in sy arms

(Foto: John Parkin - AP)

'n Vrye vertaling van een van die liedjies klink so:

"Ek was by Mandela se troue

Hy het volstruisleer-skoene aangehad en 'n Carducci-pak

Hy het Tropica met 'n strooitjie gedrink

Toe kom Gatsha met sy verrotte brein

Hy het vuil tekkies aangehad met 'n kitskonstabelpet en het 'n sorghumkonkoksie gedrink."

Dennis Bailey, direkteur van die Sawubona! Jeug-trust by die landelike gebied Sweetwaters buite Pietermaritzburg, wat 'n tuiste bied vir vlugtelinge, sê daar is 'n gevoel van magteloosheid onder die mense.

"Hulle weet nie waar dit sal eindig nie en glo dat dit op die ou end soos Noord-Ierland of Beirut sal raak, 'n eindelose oorlog waaroor hulle geen beheer het nie."

Die tekens van 'n Beirut-tipe situasie is al klaar daar en die Retiefstraat gebied of "lower end of town" soos dit genoem word, word reeds deur baie dorpsinwoners "Beirut" genoem.

Dié kant van die dorp is reeds in UDF- en Inkatha-gebiede verdeel met die grensgebied 'n straathoek. Daar woed gereeld gevegte in die strate terwyl winkeliers en inwoners van hul balkonne af daarna kyk.

"Die meeste mense wil net terugkeer na 'n normale daaglikse lewe, maar hulle is vasgevang in 'n oorlog wat hulle nie verstaan nie en waaraan hulle nooit ingestem het om deel te neem nie.

"Hulle het nie die vertroue dat die polisie, die reg óf die staat die warlords en aggressors sal of wil stop nie. Hulle glo al kom duisende soldate na die townships om vir 'n rukkie orde te hou, sal alles maar net weer begin sodra hulle weggaan omdat die onderliggende redes steeds bestaan," sê Bailey.

Hy sê ook dat die vlak van haat en bitterheid nie onderskat moet word nie en dat dit 'n groot faktor is in pogings om die geweld te stop.

"Toe dit bekend gemaak is dat Mandela met Buthelezi wou praat, het mense Mandela die aakligste name genoem. 'Mandela is nou theleweni', was die kreet in die townships," sê Bailey.

Die gevoel teen Buthelezi was reeds by die Mandela-saamtrek in Durban duidelik. Toe Buthelezi se naam deur Mandela genoem is, het 'n geruis deur die skare gegaan en Mandela se beroep op die mense om hulle wapens neer te lê is kil ontvang.

"Hoe kan hy dit sê. Ons kan dit nie doen nie. Ons sal dan môre doodgemaak word," was die algemene gevoel tussen jong comrades.

In teenstelling, nadat Mandela vrygelaat is, het een vrou vir haar werkgewer gesê: "Moenie Mandela se naam sê nie. Hy is die duiwel."

Mandela het self blykbaar die gevoel en die realiteite van die situasie in Natal onderskat, voor sy besoek dié week aan Natal.

Volgens bronne na aan Buthelezi het Mandela vir Buthelezi gebel om oor 'n ontmoeting te praat, en selfs daarop aangedring dat hy uit die KwaZulu Wetgewende Vergadering geroep word sodat hulle die saak kon bespreek.

Die ANC-leier en voormalige Robbeneiland-gevangene Harry Gwala is daarna saam met 'n UDF-afvaardiging Johannesburg toe om Mandela te sien. Hulle het Mandela blykbaar vertel dat dit buite die kwessie is dat hy en Buthelezi ontmoet en saam 'n massavergadering toespreek en ook dat hy gedurende sy besoek nie verder as Edendale moet gaan nie.

Maar waar het dit alles begin en hoe het die situasie so hand uitgeruk?

Daar is verskeie teorieë oor die oorsake van die konflik en dit is klaarblyklik 'n komplekse situasie.

Die dinamika verskil selfs van gebied tot gebied, en die oorsake is nie net polities nie. Baie keer begin die konflik in 'n gebied met iets soos 'n taxi-oorlog, 'n familie-geveg of 'n kriminele voorval wat dan verpolitiseer word.

Sosio-ekonomiese toestande en apartheid is sekerlik die mees wydverspreide onderliggende rede vir die oorsprong van die geweld omdat dit 'n ideale broeigrond geskep het wat maklik uitgebuit kon word vir politieke, persoonlike en kriminele motiewe.

Byvoorbeeld, die konflik is dikwels tussen townships en nabygeleë plakkerkampe, met die plakkers wat hulle met Inkatha identifiseer en die township-mense met die UDF.

Ek het een keer op 'n vrou afgekom wie se huis in die plakkerkamp naby K-section, KwaMashu, afgebrand is.

"Die ryk mense is UDF. Ons is arm en ons is Inkatha, maar die rykes wil hê ons moet almal UDF wees," het sy gesê toe ek haar vra hoekom baklei die mense.

Die mense in die township oorkant die pad in hul vierkamer-huisies het nie vreeslik ryk gelyk nie - so iemand moes dié gemeenskap vertel het dat dit wel die geval is.

Mike Morris, 'n navorser by die Sentrum vir Sosiale en Ontwikkelingstudies by die Universiteit van Natal, sê 'n nuwe benadering tot stedelike rekonstruksie is nodig. "'n Program met die konsep van een stad en plaaslike regering vir almal moet geïmplementeer word," sê hy.

Die rede waarom net 'n wonderwerk nou die geweldpleging kan stop, is omdat die staat toegelaat het dat die oorlog vir vyf jaar aangaan sonder enige daadwerklike en doeltreffende optrede teen die warlords.

Die bekende warlords is vooraanstaande Inkatha-lede, lede van die KwaZulu-regering en stadsraadlede. Almal weet wie hulle is, die polisie inkluis, en party verskyn herhaaldelik in die hof vir moord.

Maar mense is bang om te getuig want hulle verdwyn of word doodgemaak voordat 'n saak voorkom.

Buthelezi het ook nog nooit die warlords in die openbaar veroordeel nie en hy het homself, die KwaZulu-regering en Inkatha nog nooit van hulle gedistansieer nie.

Die polisie, insluitende die KwaZulu-polisie, die onluspolisie en die gehate kitskonstabels, is ook herhaaldelik daarvan aangekla dat hulle aan Inkatha se kant is.

In die geweld wat die afgelope week in Natal gewoed het, is dit onteenseglik bewys dat die polisie Inkatha help. Hulle wou byvoorbeeld nie die weermag inroep toe hulp aangebied is nie, en die weermag mag nie sonder die polisie se toestemming in 'n gebied ingaan nie. Intussen is mense in Edendale doodgemaak.

In die townships skree mense om hulp van die troepe want hulle sê die weermag kies nie kant nie.

Toe Buthelezi egter vir Vlok gesê het dat swart weermaglede teen Inkatha gekant is, het Vlok belowe om dié lede onmiddellik uit die townships te haal.

Sulke optrede skep wantroue in die regering en polisie en dien vir die mense as bewys dat die polisie Inkatha steun.

Baie township-mense glo vas dat as die polisie hulle gelos het om te baklei, sou Inkatha al lankal die oorlog verloor het, of sommer net ophou baklei het.

Die mense sê sonder die polisie se ondersteuning sou Inkatha nêrens gekom het nie omdat Inkatha nie meer groot steun geniet nie, veral nie in die stede nie.

Die redakteur van Echo, Khaba Mkhize, sê dit was in elk geval nooit oorspronklik 'n Inkatha/UDF-geveg nie.

"Dit is Inkatha teen die gemeenskap. As die mense niks met Inkatha te doen wil hê nie en nie wil aansluit wanneer Inkatha op 'n werwingsveldtog gaan nie, is hulle dan sommer as UDF geïdentifiseer, al het hulle nooit van die UDF gehoor nie," sê hy.

Op politieke vlak kan die begin van die probleme teruggevoer word na die stigting van die UDF in 1982. Inkatha het bedreig gevoel en het gedink hy sal sy mag verloor.

Die skeiding tussen die twee groepe is blykbaar eers openlik na vore gebring gedurende die UDF se 1985 verbruikersboikot, waaraan Inkatha nie wou deelneem nie.

Die aktiwiteite van die UDF het Inkatha toenemend bedreig laat voel en groot werwingsveldtogte is begin, baie keer met warlords aan die spits wat dreigemente, intimidasie en geweld gebruik het om almal in hul gebiede te oorreed om by Inkatha aan te sluit.

Die warlords is dikwels mense wat deel is van die KwaZulu-regering en word dus deur die KwaZulu-regering onderhou met wapens, geld en ammunisie, en ook met sogenaamde "lyfwagte" van die KwaZulu-polisie.

Dié lyfwagte vorm dikwels die kern van 'n warlord se private leër wat dikwels in geheime jeugkampe opgelei word om wapens te gebruik en die warlord te "verdedig".

Dit maak dan ook sin dat ná die ontbanning van die ANC en Mandela se vrylating, die vlak van geweld verhoog het in plaas van om te verminder.

Party kenners meen dat Inkatha geskrik het toe die ANC ontban is.

Skielik het hulle 'n ANC in die gesig gestaar wat na jare vryelik kon mobiliseer en as 'n onderhandelingsvennoot aanvaar is.

Inkatha moes toe seker maak dat sy posisie in onderhandelings nie ondermyn word nie en dat sy magsbasis so groot as moontlik moet wees. Daarom die poging om lidmaatskap te verhoog en beheer oor gebiede te verkry.

Die geweld is ook vererger deur die verhoogde emosionele gees in die townships na Mandela se vrylating.

Maar wat ook al die oorspronklike oorsake vir die geweld was, as die spiraal eers begin het, hou dit nie op nie.

Een aanval lei tot weerwraak, en dan nog een en so hou dit aan.

Uiteindelik kan jy doodgemaak word bloot omdat jy in dieselfde skool is as iemand wat die vorige week iemand anders doodgemaak het, of as jou kleinniggie Inkatha is en jy bly in 'n UDF-gebied.

Of sommer net as jy die pad oorsteek op die verkeerde plek of na die verkeerde winkel toe gaan.

DIÉ WEEK

# Suid-Afrika

## Bophuthatswana groei

Pres FW de Klerk kondig Sondag in die Staatskoerant aan dat dele van Vryburg, Rustenburg en die Marico-distrik by Bophuthatswana ingelyf word.

Die Transvaal Rural Action Committee (TRAC), wat betrokke is by gedwonge verskuiwings en die inkorporasie van swart gemeenskappe by die tuislande, sê swartmense is gereeld die slagoffers van dié soort inlywing sonder dat hulle vergoed of geraadpleeg word.

## Weermag in Natal

Die polisie en weermag trek weer in volle mag in Natal in nadat hulle opdrag ontvang het om ferm en doelgerig die onrus en geweld te smoor. Pres De Klerk kondig na 'n spesiale sitting in die Parlement aan dat 'n veiligheidsplan, uitgewerk deur al die partye, geïmplementeer sal word.

Die End Conscription Campaing sê die terugneem van Veiligheidsmagte na onrus geteisterde gebiede is meer wenslik as die voortdurende geweld. Die United Democratic Front sê die terugneem van troepe na die townships, is 'n stap weg van onderhandelinge.

## Studente-leier vry

Khotso Seathlolo is Maandag onvoorwaardelik vrygelaat, 'n jaar voordat sy gevangenistraf uitgedien is. Seathlolo, een van die bekendste studente-leiers wat betrokke was in die Soweto-opstande van Junie 1976, sê FW De Klerk se oop-deur-beleid en onderhandeling-strategie, is in der waarheid 'n "valdeur". "Solank as De Klerk aandring op die beskerming van minderheidsregte, wil hy nie rassisme vernietig nie, maar dit net voorhou onder 'n verskillende dekmantel."

Maandag is agt ander gevanggenes van Robbeneiland vrygelaat. Dit is die eerste groep langermyn-gevanggenes wat vrygelaat word.

## Bruce vrygelaat

Die gewetensbeswaarde, David Bruce, word vrygelaat uit die Sentrale Gevangenis in Pretoria wagtende 'n herverhoor. Bruce is tot ses jaar tronkstraf gevonnis, maar sal binnekort weer verhoor word na die Appèlraad se besluit vroeër dié week dat 'n maksimum tronkstraf van ses jaar nie aan gewetensbeswaardes opgelê moet word nie. Bruce het reeds 19 maande van sy tronkstraf uitgedien. Charles Bester is tans besig om sy ses jaar tronkstraf uit te dien.

## Praat, sê Enos

Die Hoofminister van Kangwane, Enos Mabusa, sê die volk se hoop is gevestig op die samesprekings tussen die ANC en die regering. Hy sê die redes waarom dié onderhandelinge uitgestel is, is verstaanbaar, maar hoop dat onderhandelinge spoedig op dreef sal kom. Hy steun ook enige vredesamesprekings - veral tussen Nelson Mandela en Inkatha-president, Mangosothu Buthelezi.

## VSA teleurgesteld

Die Amerikaanse departement van buitelandse sake spreek hul teleurstelling uit oor die ANC se uitstel van samesprekings met die regering en die aflassing van die gesamentlike byeenkoms tussen Mandela en Buthelezi.

## Mandela in vallei

Nelson Mandela besoek die "Vallei van die dood" saam met 'n ANC-afvaardiging. Langs Mpeleleweg, wat UDF- en Inkatha-ondersteuners in die oorloggeteisterde Edendale-vallei verdeel, word drie skote gevuur toe Mandela daarlangs ry. Niemand is beseer nie.

Mandela beskuldig die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, vir die nuwe noodmaatreëls en sê die ware leiers is nie geken nie, en Vlok het geen begrip vir die aspirasies van swartmense nie.

## Regses beraam planne

In Pretoria bespreek ver-regses verskillende vorme van lydelike verset sowel as konfrontasies en boikotaksies teen die beleidsrigting van die regering.




Dov Fedler In Sunday Star

## Amnestie vir ANC

Pres De Klerk kondig 'n nuwe wetsontwerp aan waarvolgens tydelike amnestie aan sekere lede van die ANC gegee sal word. ANC-lede wat deel sal vorm van die onderhandelingsproses met die regering, sal volgens dié wetsontwerp van vervolging gevrywaar word. Die kwessie van politieke amnestie was een van die grootste struikelblokke in die pad van onderhandeling omdat ANC-lede steeds volgens die kriminele- of statutêre reg vervolg kon word.

## Deel van Harms

'n Perskonferensie deur die Black Sash, Five Freedoms Forum en die End Conscription Campaign, vra dat die onafhanklike kommissie van ondersoek na die spioenasie bedrywighede van die Johannesburgse Stadsraad, as deel van die Harms-kommissie se ondersoek beskou word.

Regter Hiemstra en 'n kommissie is aangewys om dié bedrywighede van die Stadsraad te ondersoek. Dié drie organisasies, op wie se lede klaarblyklik gespioeneer is, sê die ondersoek moet deel van die Harms-kommissie vorm omdat dit lyk asof die Burgerlike Sameswerkingsburo inligting kon gebruik wat ingesamel is deur 'n spioensasie-tak van die Stadsraad.

## Venda-krisis verdiep

Die krisis in Venda verdiep met die bedanking van die tuisland se Kommissaris van Polisie, luit-genl TR Mulaudzi, na druk van sy werknemers.

## Regses in hof

Drie beweerde lede van 'n ver-regse groep, Die Orde van die dood, verskyn in die Johannesburgse Landdroshof in twee verskillende verhore.

Hulle is Dawid Johannes de Beer, 39, Cornelius Gerhardus van Zyl, 28 en Hendrik Binneman, 41.

## AWB kritiseer

Die Afrikaner Weerstandsbeweging kritiseer die regering se besluit om nie uitgewekenes wat weens geweld beskuldig is aan te kla nie.

In 'n verklaring op Ventersdorp sê die AWB die gevaar waarin die wetsgehoorsame boerevolk en ander witmense hulself bevind, word groter en die AWB gaan voort daarmee om sy beskermings-kommando's te mobiliseer.

## SAKP, Cosatu werk saam

Cosatu en die Suid Afrikaanse Kommuniste Party hou 'n geskiedkundige vergadering waar hulle besluit om hul onafhanklikheid te behou, maar om saam te werk aan programme om apartheid te beëindig.

## 'n Graad vir Mandela?

Die senaat van die Universiteit van Bophuthatswana het aanbeveel dat Nelson Mandela 'n ere-doktersgraad ontvang, al laat dié tuisland se regering nie toe dat die ANC in die tuisland organiseer nie.

# Wêreld

## Egiptiese kernaanleg

Egipte beoog die oprigting van 'n kernkragaanleg en verskeie buitelandse maatskappye het aansoek gedoen om aan die projek deel te neem.

Koerante in Israel het berig dat Argentinië, Irak en Pakistan hul samewerking beloof het.

## Utopiese vegters

Bosvegters het 'n veldtog geloods om Sondag se verkiesing in Peru te ontwrig. Die guerrillas het nagenoeg 16 000 mense vermoor in die burgeroorlog wat al tien jaar duur.

Uit bronne in Lima word verneem dat die "Shining Path"-vegters nie enige kandidaat of party steun nie, maar die burgerlike regering omver wil werp om dit met hulle visie van Utopia te vervang.

## Tronkgeweld

Hernieude geweldpleging het in 'n tronk in Manchester, Engeland uitgebreek nadat rebelse gevangenes - in beheer van 'n gedeelte van die tronk - met tronkbewaarders gebots het. Amptenare sê 'n aantal mense is beseer.

Die geveg het uitgebreek toe 'n groep offisiere die Strangeways-tronk binnegegaan het om sowat 20 gevangenes te verwyder nadat hulle oorgegee het.

## Diktator se broer verhoor

Genl Nicolae-Andruta Ceausescu, broer van die gewese diktator, se verhoor begin in Boekarest. Hy word daarvan beskuldig dat hy troepe tydens die Desember-opstand gelas het om op 'n skare te skiet en dat hy persoonlik sewe mense vermoor het.

## Moordenaar haal asem

'n Moordenaar in San Fransisco het die gaskamer tydelik vrygespring nadat die Amerikaanse hoërhof verbied het dat die eerste teregstelling in 23 jaar in Kalifornië uitgevoer word.

Robert Harris, 37, is ter dood veroordeel vir die ontvoering en moord op twee tieners in 1978. Die Hoërhof het in 1976 besluit om weer mense tereg te stel, maar geen van die 122 teregstellings sedertdien was in Kalifornië nie. Die saak kan nog maande lank voortsleep.

## Japanse motors beter

Die voorsitter van die Ford-motormaatskappy in Detroit, Harold Poling, sê die Japanners maak beter motors as die Amerikaners.

Hy sê die drie grootste Amerikaanse vervaardigers, General Motors, Ford en Chrysler, kom tweede weens hulle operasionele koste. Poling meen die bestaande aanlegte moet gesluit word om plek te maak vir nuwes wat net sulke goedkoop motors as Japan kan maak.

## Israel soek oorlog

Jasser Arafat, leier van die PLO, sê Israel lok so baie Russiese immigrante omdat hy nog 'n oorlog soek. In 'n onderhoud met die Italiaanse televisie in Rome sê Arafat die Palestyne sal nooit vrede hê as hulle hul op die Israeli's moet verlaat nie.

## Gevegte in Uganda

Minstens 120 mense is sedert Desember dood in gewelddadige gevegte tussen etniese veewagters in Uganda. Regeringsamptenare sê die gevegte het begin toe Matheniko-stamlede 3 000 stuks vee van die Bokora gesteel het. Die gevegte word gevoer met wapens wat tydens die regimes van Idi Amin en Milton Obote gebuit is.

## Israel in ruimte

Israel het sy tweede burgerlike satelliet dié week gelanseer nadat Irak gewaarsku het hy sal dit vernietig.

Die vuurpyl is Dinsdag in 'n vertoon van tegnologiese vernuf in 'n wentelbaan geplaas, sê die Israelse ruimte-agentskap.

## Minister afgedank

Kenia se minister van inligting, Waruru Kanja, is afgedank in 'n reeks politieke omwentelinge sedert die onverklaarbare moord sewe weke gelede van Robert Ouko, die land se minister van buitelandse sake.

Kanja is skerp aangeval en sy bedanking is geëis nadat hy in die parlement gesê het Ouko se moord was 'n politieke sluipmoord.




Brookins In Richmond Times-Dispatch

## Toring verkoop goed

Drie stukke van die oorspronklike trappe by die Eiffeltoring het elk meer as 100 000 Amerikaanse dollar op 'n veiling in Tokio behaal. Die afslaer het Bravo Parys geskree toe die laaste van die oorspronklike 20 stukke deur 'n casino-eienaar van Las Vegas opgeraap is.

## Pelshandelaars tereggestel

Twee mans wat weens die handel in Pandabeer-pelse beskuldig is, is in Wuping, China tot die dood veroordeel en onmiddellik tereggestel.

'n Dagblad in Beijing berig dat die mans in hegtenis geneem is toe hulle vyf pelse teen sowat R100 000 probeer verkoop het. Pandas is 'n beskermde spesie en mense wat hulle doodmaak kry dikwels die doodstraf, maar handelaars word gewoonlik tronkstraf opgelê.

## *'Besnoeiing kan met vrug toegepas word'*

# Hambidge, Hambidge en nogmaals Hambidge

**DONKER LABIRINT**
*Deur Joan Hambidge*
*Tafelberg: R24,99*

**ANDRIES W OLIPHANT**

DIE verskyning van Joan Hambidge se jongste digbundel, "Donker labirint" - die soveelste binne enkele jare - sal waarskynlik gemengde reaksies ontketen. Vir sommige lesers sal dit 'n verdere bevestiging van Hambidge se hoë produktiwiteit wees. Vir ander sal dit 'n verdere manifestasie van die kwalitatiewe wanverhouding in haar werk wees. By die lees van die bundel sal diegene, vertroud met haar werk, onder die indruk kom van hoe hard Hambidge probeer om vernuwing, variasie en uitbreiding in haar poësie teweeg te bring en hoe dit, teen wil en dank, onveranderd bly.

Vergeleke met sommige van haar vorige bundels is "Donker Labirint" wat benaming betref minder eksplisiet in die oorname van die titels van ander tekste. Met byvoorbeeld Anatomie van Melankolie en Gesteelde Appels is daar sonder blik of bloos titels van ander werke oorgeneem. In die eerste geval, 'n sewentiende eeuse psigologiese werk "The Anatomy of Melancholy" deur Robert Burns. In die tweede, 'n versameling gedigte "Stolen Apples" deur die Sowjet-digter, Yevgeny Yevtushenko. Om die skryfpraktyk te verdedig is die handige teorieë van post-modernisme nadergesleep.

Die oënskynlike verfyning rakende die titel beteken egter nie dat Hambidge se werkswyse enigsins verander het nie. Inteendeel, die konseptuele raamwerk en die titel van die bundel is ontleen aan Dante se "Heilige Komedie". Hambidge sluit aan by Dante se temas van eksistensiële onvergenoegdheid en die drang na geestelike vervulling. Dante vorder in sy gang deur die sirkels van die hel na die hemel, aangedryf deur sy liefde vir en begeerte na Beatrice, die ideale Ander. Begelei deur Vergilius word sy tog gemarkeer deur lyding, suiwering en uiteindelike geestelike konsumasie. So word die volkome integrasie van sy wil, begeerte en liefde met die absolute volbring. In "Donker labirint", soos benadruk in die titel, en verklap in die sleutelgedig, "Inferno", (hier volledig afgedruk) is die vervulling afwesig:

*Jy wat ek wou bereik met die vers*
*-met die gedig verval die voorafgaande-*
*glo nie aan die mag van woorde;*
*berym hoegenaamd nie jou beleg.*

*Dante had Vergilius om hom te lei*
*deur sirkels van die hel alleen;*
*ek het haar om my van jou te verlos,*
*dolend deur die komplekse labirint.*

*Op ons liefde klink en breek ek 'n glas:*
*vir al die woorde wat dit bied;*
*veral die verse so ontbied.*

Hier word die teleologiese Danteske patroon gewysig tot 'n nimmereindigende soektog sonder uitweg of vervulling. Die religieuse paradigma en die geïntegreerde universele visie waartoe Dante kom, word deur Hambidge as 'n ontoeganklike illusie geïroniseer. Desnieteenstaande, en in teenstryd met die ontgogelde beskouing, vreet die begeerte na selfintegrasie, na eenheid met die Ander, hetsy geliefdes, medemense, die natuur en die kosmos aan die digter se bewussyn. Hierdie teendrang behels ook 'n begeerte na 'n versoening in die taal tussen teken en saak.

Die tekstuele inskripsies genereer dus 'n bewus opgesette kontradiksie. Die beeld en middel van die paradoks is die taal as poësie in die verdeelde gedaante van mito-magiese medium en klugtige self-verwysende tekenstelsel. Onvergenoegdheid en 'n hunkering na volmaaktheid, soos dit spreek uit die motto deur Ted Burford, "I am weary of urban landscapes/ and of imperfect poetic landscapes", onderlê die



Joan Hambidge

grammatika van die bundel.

In poëties-historiese terme wentel die paradoks om 'n dubbele aksis. Aan die een kant behels dit die droom van primitiwiste, mistici, klassici, metafisici, romantici en surrealiste na 'n magiese taal wat kan uitreik na die heelal. Gedigte soos "Voedoe", "ESP", en "Asteekse Ritueel" is hier relevant. Aan die anderkant word Hambidge se poësie gerig deur 'n besef dat taal 'n onstabiele en problematiese gegewe sonder 'n vaste sentrum is. In "Moonlove" word die liefdespoësie van Pablo Neruda só geparodieer: "Dis die digter, veragtelike towenaar,/ wat maanskyn-en-rose optower/ (ek-het-nog-nooit-so-oor-iemand-gevoel-nie)/ en pas voor sonopkoms verdwyn".

Soos te verwagte, lei sodanige ontluistering oor die "mag van taal" en die "waarheid van poësie" tot 'n ervaring van futiliteit: "Vanaand is ek moedeloos/ (ja, geen hoeveelheid poësie kan my meer red nie)" lui dit in "Brief aan Erica Jong". So 'n bekentenis impliseer natuurlik swye en die einde van poësie vir die digter. Tog nie. Vir Hambidge is futiliteit rede tot kompulsiewe reïterasie. As poësie, die gewaande medium na die absolute, strand in die frustrasie van onoorbrugbare grense, word dit opnuut aangedryf deur dieselfde hindernisse.

Die inherente steriliteit hiervan wys vanselfsprekend heen na die dood en, wonder bo wonder, ook na die lewe. Want om te skryf, beweer Hambidge namens Foucault, is om die lewe af te sweer vir die ewige: "Ten spyte van Foucault/ se dictum (om te skryf/ is gelyk aan die dood) vermoed ek nog 'n lewe" lui dit in "Black Widow". Vandaar die figurasie van gestorwe digters soos Ingrid Jonker, Sylvia Plath en Anne Saxton wat voortleef as kultusfigure in gedigte soos "Dark Ventures" en "Brief aan Erica Jong": "Ons weet waarom Sylvia en Anne die donker labirint/ moes verlaat/ Eating, eating death". En ook, die prominensie van die vismotief waarin dood en lewe, gebondenheid en transendensie, kruisiging en opstanding geteleskopeer word.

Binne hierdie raamwerk word die tradisionele opvatting wat die lewe as primêre bron vir die poësie en kuns sien, omgekeer: "Lewe - anders as wat jy glo - / boots kuns noukeurig na/ met 'n begin/ middel/ einde/ - soms in omgekeerde orde", verklaar "Ellips". En weer in "Brief and Erica Jong" lui dit: "want jy begryp hoe gedigte/ 'n lewe dikteer en beheer/ ('n vers skryf 'n lewe)." Die spanningsveld onderliggend aan die bundel behels dus 'n onoplosbare kontradiksie waarin teenpole in 'n nimmereindigende makabere dans sonder die vooruitsig van 'n sintese of versoening vasgevang is.

Die afbeelding van die Taoistiese 'Yin-Yang' op die titelblad, waarin teenstrydighede as 'n universele gegewe vergestalt word, is hier belangrik. Die aanvaarding van kontradiksie kom voor in "In Versekerde Pos" waar 'n versoeningsboodskap ongelees deur die bedoelde ontvanger, 'n vervreemde geliefde, na die sender teruggestuur word: "Van teenstrydighede is niemand/ nog dood nie, jy spot ... Maar jy, aan wie hierdie gedig/ eenmalig (6 September 1988 12:06) gerig/ word, jy het elke boodskap terug geadresseer".

Dit alles doen uiters verwikkeld aan. Tog is daar, met betrekking tot Hambidge se oeuvre, niks nuuts hier nie. In die analogiese en paradoksale wêreld staan die poësie in vir alles en vir niks: dit is lewe en dood; toorkuns en skadelose spel; 'n noodtoestand en vryheid; 'n katastrofiese terreurdaad en vissies in 'n bak. Elke vers is tegelyk splinternuut en stokoud. Alles is reeds deur ander gesê, maar moet deur ander herhaal word.

Die ambivalensie is dalk een van die redes vir die teenstrydige resepsie van Hambidge se poësie. Herhaling is dalk die rede vir haar indrukwekkende produktiwiteit.

Dis tog nodig om kortliks te wys hoe reïterasie deur die bundel ontaard in ondeurdagte slordighede en hinderlike toutologie. In die titel staan daar nie net "labirint" of "donker" nie maar albei. In verskeie gedigte, soos "Inferno" en "Half-lives" word "donker" vervang deur "kompleks" en naas "labirint" of "doolhof" geplaas. Dit is, vermoed ek, om te verseker dat die leser snap hoe ongeneeslik die krankheid, melankolie en uitsigloosheid van digterskap eintlik is. In "Malaise" lees ons "die dynserige berge van eens/ lê vol voetpaaie, doolhowe,/ en veral hoë kranse". Waarom nie eenvoudig net: "lê vol voetpaaie en kranse" of 'n variasie hiervan sonder toutologie? Besnoeiing kon met vrug op verskeie verse, op die bundel as geheel en selfs op Hambidge se ganse oeuvre toegepas word.

Ten slotte, as poësie, soos Hambidge dit wil hê, tot herhaling gedoem is, beteken dit nie dat die gaping tussen die intertekste deur stilistiese en tematiese infraksies vergroot behoort te word nie. Sodanige tematies-vormlike ingryping deur digters op ou stof is wat vir besondersheid van geslaagde poësie sorg. Die uitdaging staar Hambidge reeds lank in die gesig. Dus, afgesien van die kruisverwysings en herdigting van uiteenlopende diskoerse is daar ongelukkig nie veel in die bundel wat werklik beïndruk nie.

*Andries W Oliphant is een van die mede-redakteurs van Staffrider.*

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**


DIE JONGSTE AFRIKAANSE MUSIEK

van SHIFTY RECORDS

DRAADLOOS
- Dans, Kerk en Werk

... DANS KERK + WERK ...

DRAADLOOS






en

RANDY RAMBO EN DIE ROUGHRIDERS
- Die Saal Lewe




Verkrygbaar op Shifty se Lobudgie Label

Teen R16

LOW BUDGIE Cassettes

Bestel deur die pos van:

SHIFTY RECORDS

P.O. BOX 27513
BERTSHAM
2013
JOHANNESBURG

## Woordspeletjies en apartheid

# Só kan die onderhandelingstrein ontspoor

**Tuynhuys Monitor**

SAMPIE TERREBLANCHE

OP 5 Februarie - net ná pres FW de Klerk se Groot Toespraak - het ek onder meer die volgende in The Cape Times geskryf:

"The NP Government has at long last succeeded in getting the negotiation train on the rails ... (A) long and laborious journey lies ahead ... The negotiation train unfortunately will have to cross high - and seemingly unsurmountable - apartheid mountains still laying on its track ... Given the conflicting and perhaps irreconcilable expectations and demands of the negotiation passengers ... the train will in all probability get derailed at several occasions along the steep and slippery slopes of the said mountains."

Dit is jammer dat die gesprek wat op 11 April tussen die regering en 'n ANC-afvaardiging sou plaasvind, deur die ANC gekanselleer is. Wat die redes vir die kansellasie ook al mag wees, is dit nodig om te besef dat die onderhandelingstrein waarskynlik nog telkemale gaan ontspoor as belangrike apartheidswetgewing (soos byvoorbeeld die Wet op Groepsgebiede) op die wetboek gaan bly.

Die gevare vir sodanige ontsporings gaan groter wees as pres De Klerk (en sy ondersteunende pers) sou voortgaan met hulle nuwe woordspel dat apartheid kwansuis nie meer bestaan nie, of reeds afgeskaf is en reeds vir 'n lang tyd nie meer deur pres De Klerk en NP-parlementslede verdedig word nie - wat impliseer dat die NP geen skuld meer vir apartheid hoef te aanvaar nie!

Pres De Klerk het op 27 Maart in die Parlement gesê in die 17 jaar wat hy in die Parlement is, het hy nooit apartheid verdedig nie en beweer dat "apartheid ... 'n politieke konsep (is) wat nie in wetgewing gedefinieer is nie". Met dié uitsprake het pres De Klerk se woordspeletjies 'n nuwe vlak van absurditeit bereik wat 'n mens nie ongestraf kan laat verbygaan nie - veral nie as 'n mens dit teen die agtergrond van sy ander woordspeletjies beoordeel nie.

Kom ons neem sommige van pres De Klerk se woordspeletjies sedert 2 Februarie in chronologiese volgorde:

Sy geskiedkundige aankondigings op 2 Februarie was merkwaardig. Daarmee het hy 'n groter sprong vir hervorming as enige van sy voorgangers gemaak. Daarvoor verdien hy groter lof en dank. Ons sou egter baie dankbaarder gewees het - en ook meer gemoedsrus gehad het - as hy tydens sy Groot Toespraak die redes verskaf het vir die beleidbollemakiesie wat die NP op 2 Februarie gemaak het.

Ja, dit was 'n yslike beleidsbollemakiesie as dit vergelyk word met wat die NP vóór die verkiesing gesê het. Ek kla nie oor die bollemakiesie nie. Ek verwelkom dit ten seerste. Ek kla omdat daar nie redes daarvoor gegee is nie en daar met woordspeletjies gepoog word om die bollemakiesie te ontken.

Só werk dit nie in die politiek nie. Enige party en sy leier is in 'n sogenaamde demokratiese bestel geregtig op hul standpunte. Enige party en sy leier is ook daarop geregtig om 'n ingrypende beleidsverandering te maak. Maar dan moet redes verskaf word. Dan moet daar 'n belydenis gemaak word oor die misvattings van die verlede. Dan moet daar darem 'n bietjie bloed gelaat word.

As die leier van 'n regerende party 'n beleidsbollemakiesie maak soos op 2 Februarie sonder opgaaf van redes, sonder 'n belydenis en sonder bloedlating, kom sy geloofwaardigheid noodwendig in die gedrang. Solank pres De Klerk nie redes vir sy ommeswaai verstrek nie, gaan hy nie daarin slaag om die breë (blanke) kieserspubliek - óók nie die regses nie - met hom saam te neem nie.

Dit wil voorkom asof die De Klerk-regering wil probeer om perestroika te bewerkstellig sonder glasnost. Dit is onhaalbaar - én gevaarlik! Terwyl dit allerweë bekend is dat pres De Klerk baie gesteld is daarop dat hy bekend sal staan as 'n man van integriteit, sal hy moet ag slaan op dié soort kritiek en groter "openheid" aan die dag moet lê.

Tydens 'n wantroue-debat in die Volksraad op 9 Februarie het die KP die regering daarvan beskuldig dat die beleidsaankondiginge van 2 Februarie nie in ooreenstemming met die mandaat is wat die regering op 6 September gevra en verkry het nie. Pres De Klerk se verweer was onoortuigend en het op weinig anders as ontwykende woordspeletjies neergekom. Oor die "mandaat"-aangeleentheid het die KP hom in die hoek. Net 'n bekentenis sal hom daaruit kry.

Vóór die verkiesing is volbladadvertensies geplaas waarin persone wat met die ANC en SAKP gepraat het as "nuttige idiote" wat Marxiste omhels, bestempel is. In dieselfde advertensie is geïnsinueer dat geen kieser sy en sy gesin se toekoms en veiligheid kan toevertrou aan mense wat met die ANC en die SAKP praat nie! En op 2 Februarie word dié organisasies gewettig! Vóór die verkiesing is Peter Gastrow gekruisig omdat hy gesprek met die breë demokratiese beweging in 'n brief voorgestaan het. Nou word getreur as 'n gesprek met lede van die breë demokratiese beweging gekanselleer word.

Is die kiesers opsetlik mislei toe die gevaar van 'n "hung" Parlement soos 'n swaard oor die vreesbevange NP se kop gehang het, of het die NP eers ná 6 September die "lig" gesien oor gesprek met die ANC? Pres De Klerk skuld ons 'n verduideliking.

Vir wie probeer hy bluf met sy bewering dat hy nog nooit "apartheid" verdedig het nie? Of die woord apartheid in 'n wetboek staan al dan nie, is van geen belang nie. Daar bestaan wêreldwye instemming oor wat met apartheid bedoel word, wat die struktuur en wat die beleid van apartheid is. A rose - even if it is a bad-smelling rose - is a rose by any other name.

As pres De Klerk nie weet wat apartheid is nie, moet hy homself afvra wat die stand van sake sal wees as iemand Suid-Afrika vandag met 'n towerstaf aanraak en al 28 miljoen swartmense môre blanke Afrikaanssprekendes is. Sal hy hom daarmee kan vereenselwig dat daar só teen blanke Afrikaanssprekendes (wat "swart" identiteitsboeke dra) gediskrimineer word deur wette wat die NP-regering op die wetboek geplaas het? Sal hy hom daarmee kan vereenselwig dat blanke Afrikaanssprekendes in sulke armoede en ellende moet voortploeter net omdat hulle nie op die blanke kieserslys is nie?

Ek hoop dié voorbeeld sal pres De Klerk oortuig dat apartheid met politieke en ekonomiese magsmisbruik oor swartmense te make het.

Ja, dit is 'n fiktiewe voorbeeld. Maar mense is mense, is MENSE ongeag hulle ras of kleur of taal. Miljoene mense in Suid-Afrika ly vanweë apartheidswetgewing en -struktuur wat deur die NP oor die afgelope 42 jaar op die wetboek geplaas en instand gehou word, en pres De Klerk het daarin 'n groot aandeel gehad.

Pres De Klerk het al male sonder tal toesprake in die parlement gehou waarin hy hartroerend pleidooie vir die beskerming van blanke groepsregte gelewer het. Almal weet tog dat woorde soos "blanke groepsregte" en "minderheidsregte" 'n NP-eufemisme vir blanke mag en bevoorregting is! Elke keer wat pres De Klerk oor die afgelope 17 jaar vir die begrotingswet gestem het, het hy vir uiters diskriminerende bestedingspatrone tussen rassisties gedefinieerde groepe gestem.

Ek staan inderdaad verstom as die Staatspresident van my land so met woorde speel oor 'n saak wat vir miljoene Suid-Afrikaners 'n saak van soveel lyding en verontregting is.

Indien pres De Klerk 'n atmosfeer vir die hervatting van onderhandelings wil skep, sal hy die NP se aandeel - nee, sy skuld - in apartheid moet erken. Hy sal ook die *strukturele* ellende en selfs die strukturele geweld wat apartheid veroorsaak het, en nog steeds veroorsaak, rondborstig moet erken.

Pres De Klerk sê die regering "streef" na die afskaffing van statutêre diskriminasie. Dit is nie goed genoeg nie. Die regering moet hom openlik en uitdruklik verbind tot die spoedige afskaffing van alle vorme van apartheid en hom ook bereid verklaar om oor kompensasie vir die diskriminerende en uitbuitende effek daarvan te onderhandel. (Ek vra nie 'n volledige kompensasie vir die nadele van apartheid nie want dit is só groot dat daar waarskynlik nie volledig voor gekompenseer kan word nie.)

Op 28 Maart skryf 'n Kaapse oggendkoerant die volgende in 'n hoofartikel oor wat pres De Klerk oor "apartheid" te sê het:

"Trouens, 'apartheid' het in al die dekades van NP-bewind nooit in die wetboek opgeteken gestaan as beleid (sic) nie. Daar was wel verskillende definisies van wat statutêre 'apartheid' sou beteken wat vroeër op NP-beleid van toepassing gemaak kon word, maar dié party is nie skaam om te sê dat hy daarvan wegbeweeg het nie." Let op die verlede tyd. Waarvan het die NP wegbeweeg - van "apartheid" of van 'n bepaalde "definisie" van statutêre diskriminasie? Indien eersgenoemde, is dit onwaar. Indien laasgenoemde, het die NP beslis rede om skaam te wees.

Dié hoofartikel word met die volgende paragraaf afgesluit: "Baie van dié maatreëls (statutêre diskriminasie) is ongetwyfeld met goeie bedoelings (sic) ingestel, maar dit het ook tot hartseer en bitterheid gelei - dermate dat 'apartheid' internasionaal 'n skelwoord geword het." (Let wel, die skuld word nie aan die apartheidstelsel gegee nie, maar aan die internasionale misbruik van die woord!)

"Dit sal toenemend onbillik wees om die land steeds daarmee te gésel terwyl daar na 'n nuwe Suid-Afrika beweeg word. Immers, die Duitsland van vandag word in redelike kringe nie meer met Nazisme gelyk gestel nie." Wat 'n verregaande gelykstelling! Hoe op aarde kan Suid-Afrika vergelyk word met Duitsland waar Nazisme al 45 jaar gelede volledig en finaal beëindig is?

Dit, helaas, is die soort "logika" waartoe pres De Klerk sy slaafse pers beweeg met die soort woordspeletjies waaraan hy hom skuldig maak.

*(Sampie Terreblanche is 'n professor in Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch)*




# Dis nie 'n lekker plek vir 'n teeparty nie

TEEPARTYTJIES klink mos asof dit altyd iets gselligs moet wees, waarvan die enigste werklike nadelige uitvloeisel miskien 'n kwaaivriendskap kan wees wat spruit uit 'n bietjie onverskillige skindery. En dalk 'n titseltjie sooibrand ook waar 'n mens onversigtig geëet het.

Terwyl ek soos Peter Blum by Tante sit en tee drink en wonder wat geword het van die Theron-verslag en die De Lange-verslag en Distrik Ses, kom staan my skoolgeskiedenisopskrif voor my en sê: "Boston Tea Party".

'n Anderse soort teeparty, 'n soort verbruikersboikot, wat uitgeloop het op die Amerikaanse Vryheidsoorlog. Nou nie heeltemal nie, maar darem.

Die teepartytjie-kloutjie en die lospraatjie-oor kom bymekaar met die begin van 'n twee maande lange verbruikersboikot op die onskuldige Noord-Transvaalse dorp Louis Trichardt. Só onder die Soutpansberg waar 'n baas nog 'n baas is, en die biblioteek "net vir die belastingbetalers".

Suid-Afrika het die laaste jaar of wat deeglik kennis gemaak met die mag (en die ellende) van verbruikersboikotte. Die bekendste hiervan was seker die een in Boksburg en een van die bitterstes waarskynlik die sage van Stutterheim, in die Oos-Kaap.

'n Mens kan jou natuurlik maklik vaspraat in lospraatjies van dié aard. Want wat Maandag of Dinsdag nog evangelie is, kan teen Vrydag se leestyd dwaallig of fiksie wees. En niks is minder lekker as tee wat koud geword het nie, of harde room saam met die botterbroodjies. Maar iewers het ek 'n gevoelentheid dat dié boikot nog heelwat ander dimensies gaan aanneem voordat die koppies opgeruim gaan word. Want die mense wat boikot (of gesê word om te boikot) is die mense van Venda, en wie ore het om te luister, hoor gedurig stories oor die ontwrigtingsagenda vir daardie swart "state" wat nog ingeval het by die program van die UDF/BDB/ANC/WOA nie. (WOA, vir diegene wat onkundig is, staan vir Wie Ook Al....)

Die verbruikersboikot van Louis Trichardt is in die eerste plek gerig op die rassistiese opset in die bestuur van die dorp. 'n Oortuigde KP-stadsraad probeer ou koeie aankeer om te melk. Die dorp moet wit bly, sy sakekern soos die Groepsgebiede dit wil hê. Swartmense se geld mag gesien word, maar niks anders gehoor word nie - soek in die bo-dorp na 'n toilet waar die koopkrag gaan kuier, 'n plek waar 'n swart professor, of 'n ryk sakeman kan gaan sit om tee te drink.

In die lig van dié dinge is daar besluit om Louis Trichardt vir twee maande van sy koopkrag af te sny. In sekere opsigte is dit nie so onhaalbaar nie, want die grootste toevloei van swart kopers kom met busse en taxi's en motors uit Venda-proper Louis Trichardt toe. Naweke, middel van die maand, einde van die maand.

Die meeste van die mense sal waarskynlik geholpe kan raak in Thohoyandou, waar 'n groot winkelkompleks in al die behoeftes voorsien. Miskien sal hulle vir 'n maand of twee minder klere koop, of groot dinge soos meubels, maar om aan die lewe te bly, sal nie besonder swaar wees nie.

(Dis 'n ander storie vir die mense van Sinthamule, die stuk van Venda wat wes van Louis Trichardt lê, en die inwoners van Buysdorp wat eintlik nie sonder die besoeke aan die dorp lekker kan klaarkom nie.)

Soos alle verbruikersboikotte by ons, is die sanksies vir die verbreking daarvan swaar, en selfs gevaarlik, lewensgevaarlik. Die eerste greep is uiteraard op die huurmotorbedryf: wee die man wat betrap word dat hy kopers vervoer het! En lê jy die vervoerbedryf lam, pootjie jy die koopkrag, want Venda het géén werklike openbare infra-struktuur nie.

Die tweede stap om die sukses van die boikotaksie te verseker, is intimidasie van die kopers. Ons ken dit van vroeëre optrede: inkopiesakke wat gekonfiskeer word en die inhoud van die aankope wat op die grond uitgestrooi word. Of erger nog: "verraaiers" wat gedwing word om die inhoud van hulle aankope op te eet. Alles, of dit eetbaar is of nie......

(Daar is ander hartsere ook: mense wat nie die winkels kan bereik om hulle huurkooppaaiemente te betaal nie, en wat weet dat die hardvogtige winkelbase die meubels en stowe sal kom konfiskeer - en wat geen kennis het van of toegang tot die regsmiddele wat hulle beskerm nie.)

Maar, soos mens kan verwag, gaan die wittes "nie met hulle laat speel nie". As hulle wil boikot, sal ons hulle soos vasgekeerde muise laat vrek, verseker 'n boer - met wie 'n mens nie stry nie - vir my onder die groot koelteboom by die buiteverkope.

Reeds word daar gepraat van padblokkades om die vragmotors wat Thohoyandou toe ry om die winkels daar te voorsien, te verhinder om dit te doen. Spykers op die pad is moeilik om deur polisie-optrede te verhoed. So 'n bietjie hardhandigheid oor 'n koppie koffie saam met die vragmotorbestuurder kan ook die gewenste uitwerking hê.

Dis 'n lang, kronkelende, op en af pad tussen Louis Trichardt en Thohoyandou, en by tye is hy donker en eensaam. Dis nie 'n lekker plek vir 'n teepartytjie nie, veral nie as dit twee maande lank gaan duur nie.

*Vrye* **Weekblad**

## Die regering en die ANC

'n Mens het skielik dié week besef hoe wankelrig Suid-Afrika se toekoms regtig is.

Ná die amperse euforie van die tydperk sedert Staatspresident FW de Klerk se aankondigings van 2 Februarie, het die laaste weke se bloedvergieting, regse gekonkel en rassehaat, spanning en onbuigsame houdings soos koue water oor 'n mens gestort.

Wyse filosowe en politieke kenners het al geslagte gelede gesê enige vinnige verandering in die politiek lei byna noodwendig tot 'n mate van onstabiliteit. 'n Mens kon dit dus te wagte wees, en moet nie te swartgallig wees oor van die geweldpleging wat uitgebreek het nie.

Maar saam met die potensiaal om 'n vreedsame, vooruitstrewende modelstaat op die kontinent te word, het Suid-Afrika ook die potensiaal om verskriklik verskeur te raak en in 'n toestand van voortspelende burgeroorlog te verval - wit op swart en swart op swart.

En dit is dié potensiaal wat in die laaste tyd sterker na vore begin tree het.

Die uitstel van die eerste ronde samesprekinge tussen die regering en die ANC en die ontmoeting tussen die ANC en Inkatha het die hele situasie nog verder in die gevaarsone ingestoot.

Wat is dit wat verkeerd loop?

Ons het al heelwat geskryf oor die euwels van apartheid; oor die kwaad wat die Nasionale Party-regering oor die jare aangerig het en steeds aanrig.

Miskien is dit gepas dat ons vandag kyk na die ander politieke groepering wat 'n sentrale rol in onderhandelinge en in ons toekoms gaan speel: die ANC.

Ons moet miskien dadelik byvoeg dat ons meer verantwoordelikheid en staatsmanskap van die ANC verwag as van die NP-regering. Dít is tog die beweging met die wydste nasionale steun en boonop die enigste wat 'n vrye, regverdige, nie-rassige veelparty-demokrasie voorstaan.

Die ANC het die ontmoeting van 11 April afgelas weens die polisie se skietery in Sebokeng.

Ons stem saam dat getuienis daarop dui dat dié optrede bloeddorstig en oordadig was omdat die polisiemanne nie in onmiddellike gevaar was nie en boonop geen behoorlike waarskuwing gegee het voor hulle losgebrand het nie.

Ons stem ook heelhartig saam dat die polisie heeltemal anders sou opgetree het as die betogers wit was. Ook dat dit beteken dat swart lewens minder werd is as wit lewens. Dit, stem ons saam, mag nooit weer gebeur nie.

Maar ons dink dit was onvanpas en kortsigtig om onderhandelinge weens dié voorval uit te stel. Is dié soort optrede nie juis nog meer rede waarom onderhandelinge bespoedig behoort te word nie?

Ons vind dit bitter jammer dat die ANC nie volgende week in Kaapstad gaan wees nie.

Dit begin vir ons lyk asof die ANC die oorskakeling van banneling-politiek na werklike binnelandse politiek baie moeilik hanteer.

Dit begin vir ons ook lyk asof daar 'n ernstige verlamming in die leierskap van die organisasie is. Lusaka hou vir Nelson Mandela fyn dop en gee hom nie 'n vrye hand om te lei nie, maar omdat hy so onbetwisbaar die leier is, kan hulle ook nie self die leiding gee nie. Boonop lyk dit asof niemand in Lusaka sy nek wil uitsteek nie uit vrees dat 'n fout gemaak sal word en dat dit dié persoon se kanse op leierskap kan benadeel.

Ons vind dit jammer dat Mandela se potensiaal as die Moses wat ons almal uit die woestyn kon lei, so ondermyn is deurdat hy nie ruimte gegee is om sy leierskapsrol volledig te speel nie.

Ons hoop van harte die ANC-president, Oliver Tambo, gaan binnekort sy uittrede weens gesondheidsredes aankondig sodat die leierskapskrisis in die ANC gou opgelos kan word.

Ons wil 'n ernstige, dringende beroep doen op die ANC om so gou as moontlik huis toe te kom.

Hier is mense wat gelei moet word; en hier is onderhandelinge wat op dreef moet kom.


Die tyd is nie aan die kant van die ANC nie. Hoe langer gewag word om die prosesse aan die gang te kry, hoe meer tyd is daar vir mense wat nie die ideaal van 'n nie-rassige demokrasie steun nie, om te organiseer en te konkel.

Die tyd vir speletjies speel, is finaal verby.

## So sê hulle . . .

"Maar die agbare leier van die Amptelike Opposisie in die Volksraad het soos 'n bytjie ingezoem, vir 'n rukkie op 'n blommmetjie kom sit en bzzz en toe het hy dit goed gevind om die Raad te verlaat net nadat hy sy bzzz ge-bzzz het." - Barend du Plessis, die minister van Finansies, oor dr Treumicht se afwesigheid by die repliek op sy begrotingsdebat.

"The South African Public Service is not the bloated bureaucracy it is so often made out to be. Such views are often based on ignorance, distorted facts and the application of double standards." - Dr PJ van der Merwe, voorsitter van die Kommissie vir Administrasie.



BRIEWE

# Waarom die Mangope-regime staande hou?

**Madeleine du Toit van Muckleneuk skryf:**

Ek wil die Regering beleefd en in alle erns vra: wat probeer u bereik deur die gehate Mangope-regime staande te hou, deur selfs Derdepoort aan hulle te probeer oorhandig?

Besef u hóé gehaat hulle is? Verstaan u dat die mense in die Verwoerd-tuislande (en al die ander ghetto's) eenvoudig nie kan wag om volwaardige Suid-Afrikaners te word nie? Dat dit die dryfkrag is agter meeste van die opstand en geweld, hoe betreurenswaardig ook al?

Ek is bevrees, en swartmense is bevrees, dat u al dié dinge maar te goed verstaan. Dat pres. Lucas Mangope een van die weinige swart "leiers" is op wie gereken kan word om aan u kant van die onderhandelingstafel te sit. Dat u selfs van sulke veragtelike bondgenote gebruik sal maak om u doelwitte te bereik. En dit maak ons bang.

Verwag u die steun van denkende mense, hier en oorsee (en ek wil byvoeg, verwag u die seën van die Allerhoogste) waneer u sukses van sulke bondgenote afhang?

Ek is 'n Afrikaner, ek was verheug en hoopvol oor pres De Klerk se vertoning in Windhoek verlede week. Hoe dink u voel ek nou?

So duur die spiraal van geweld voort. En al die welmenende mense met hul oogklappe is o, so verbaas en afkeurend.

## Hol gevoel tref

**Johan Labuschagne van Pretoria skryf:**

Dit was met 'n gevoel van ongeloof dat ek Charles Malan se resensie in Vrye Weekblad oor RR Ryger se boek, "Die hol gevoel", gelees het.

Wat, het ek myself afgevra, kan 'n resensent laat skryf: "Dié skrywer se moerrr" én "maar hy skryf 'n hond uit 'n bos uit"?

Ek het die boek in 'n boekwinkel gaan deurblaai en toe gekoop. Ek het dit binne 'n uur deurgelees en was oorbluf deur die briljantheid daarvan. Maar ek het vir myself gesê dat dit tog nie so goed kan wees nie want die voorsitter van die skrywersgilde sê dan "die skrywer se moerrr".

Daarom het ek dit weer gelees. Dié keer het ek my tyd gevat en was weer daardeur getref.

Ek is allermins heeltemal op hoogte van wat presies in die Afrikaanse letterkunde aan die gang is, maar wil net sê dié boek was darem vir 'n verandering nie net politiek-politiek-politiek nie.

Ek wil ook sê: Charles se moer.

Ek dink sy resensie was kinderagtig en lasterlik. Hoe kan hy sê die skrywer is 'n "malle"? Het hy hom ondersoek? Klaar op, asseblief.

Sy resensie was ook irriterend in dié opsig dat hy 'n paar sogenaamde clichés aanhaal. Dit kan 'n mens tog met enige boek doen. Miskien het Charles 'n persoonlike vendetta teen die skrywer, of is dit net die skuilnaam? van die skrywer wat hom nie aanstaan nie? Klaar op, asseblief.

Voortaan sal ek nie boekresensies in die Vrye Weekblad ernstig opneem nie. Dan wil ek ook net sê dat ek dink Charles Malan het met dié resensie van hom gewys dat hy nou in dieselfde asem as Joan Hambidge genoem kan word wanneer dit by omstrede resensente kom.

## Bevry dié mense 1

**Personeel en studente van Giyani-opvoedingskollege skryf:**

In terms of the state of emergency, the SADF, SAP and Security Police are harassing and detaining people in Gazankulu. Many teachers and two of our lecturers have been detained without any trial or proper charges being laid. We the students and staff of the Giyani College of Education, note that the situation is not conducive to normal education, and therefore demand that:

1. the state of emergency be lifted;

2. all detainees detained in Gazankulu under the state of emergency be released with immediate effect;

3. the South African security forces be withdrawn from Gazankulu so that the unjustified restriction of meetings for democratic decision-making ends, people can regain their right to freedom of movement, and education can continue.

## Sielkunde en moordbendes

**David Lipsitz van die Burgerlike Kommissie oor Menseregte skryf:**

The Commisssion of Inquiry into the politically motivated murders of the Civil Corporation Bureau (CCB) is making headlines and centre page spreads in every newspaper.

While this scandal has been looked at from many different angles, it is interesting that only one newspaper has made mention of the "psychological" link to these killings - the Weekly Mail of December 1989, which stated that a document entitled "Constitution and Functions of the Special Forces" was intercepted on its way to a shredder in the Department of Military Intelligence Psychology Unit.

Amongst other things this document outlined that hit squad candidates were subjected to stringent testing in state-run psychological units. What instantly comes to mind is the experimenting done in the early 1950's by the CIA on this specific subject, where shock treatment, psychiatric drugs and hypnosis were being used in an effort to find the ultimate controllable political killing machine. The book, "Operation Mind Control", by Walter Bowart covers the CIA's involvement in mind control experiments extensively.

For those interested to look, recent political assassinations have been occurring with a common denominator to all of them, psychological experimentation/treatment before the time of the crime.

John Hinckley was taking the psychiatric drug, Valium, at the time he attempted to assassinate Pres Ronald Reagan in 1981. This drug may have brought about Hinckley's murderous political assault.

At the end of 1967 James Earl Ray underwent hypnosis by a psychologist located in Beverley Hills. Ray also claimed to have undergone hypnosis with as many as eight others. Martin Luther King was killed on April 4, 1968 after which Ray was convicted to 99 years in prison.

Lee Harvey Oswald was treated as a child by psychiatrist, Renatus Hatogs. Later Oswald was institutionalized in Russia for attempted suicide. On 22 November, 1963 Oswald assassinated John F Kennedy in Elm Street, Houston, Texas.

On 5 June, 1968 Robert Kennedy was killed by Sirhan B Sirhan. Sirhan received psychiatric treatment from a dr William Joseph Bryan Jr, known at the time as a hypnotist who reportedly worked as a consultant for the CIA in its mind control and behaviour modification programmes.

In South Africa, psychology was first used in the military to test air force pilots in the Second World War. After the war, those involved in the testing formed an institute which today is known as the National Institute for Personnel Research (NIPR).

The NIPR has, over the years, been involved in numerous types of psychological testing, including LSD experiments which were conducted on human guinea pigs in the 1950's. Few details of these experiments were ever made known to the public.

That psychological experimentation occurs is a matter of documented fact. The question is, to what extent was such experimentation used on those "hit squad" candidates who later carried out "political assassinations" for the Civil Co-operation Bureau? This is an unexplored avenue which would well behove the Harms Commission to look into.

*Vervolg op bl 22*

Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113.

# Blikore waarsku grotes

## ... en Transvaal stel maar weer teleur



Helgard Muller

TINUS HORN

**DIE rugbyspan van die Vrystaat het Dinsdagaand met sy prag-oorwinning oor Transvaal in die eindstryd van Yardley se aandreeks gewys hy kan Noord-Transvaal en die Westelike Provinsie vanjaar nog lelik skrikmaak.**

Dit is egter nog veels te vroeg om te voorspel of hy werklik 'n faktor in die reeks om die Curriebeker gaan wees. Die grootste vraagteken hang oor sy vaste voorspelers se vermoë om hul man teen sterker teenstand te staan.

Wat wel uit Dinsdagaand se wedstryd geblyk het, is dat die oorgawe waarmee die Blikore speel, vergoed vir hul gebrek aan krag en gewig tussen die voorhoede. Die Vrystaat is Dinsdag ook in die stryd om die losbal geklop, maar sy agterspelers het die goeie besit wat wel na hul kant toe gekom het, skitterend benut.

Henry Honiball is 'n losskakel wat beslis nog vir die Springbokke kan speel. Sy vlymskerp breekslae was regstreeks verantwoordelik vir sy span se eerste twee drieë.

Langs só 'n losskakel kom die Springbok Helgard Muller ook tot sy reg. Sy swak vorm van verlede seisoen is nou vergete en veral sy verdediging was puik teen Transvaal. Hy en Eben Scheepers kan vanjaar een van die land se voorste senterkombinasies vorm.

Chris Badenhorst het ook baie goed gespeel. Dis jammer dat dié buksie nie 'n raps groter is nie. Sy klein postuur is al wat kan verhinder dat hy die hoogste sport bereik.

Transvaal se grootste probleem was voorlangs, en veral in die lynstane het hy veel swakker vertoon as verlede week teen Natal. Die nuwe haker, Wittes Buitendag, sal beslis aan sy ingooiwerk moet skaaf as hy sy plek wil behou.

(Dit is jammer dat 'n goeie speler soos John Mitchell in Wits se tweede span weggesteek word. As Steve McFarland werklik beter as Mitchell is, moet hy beslis deur Transvaal se keurders nader geroep word).

Transvaal het die vaskopstryd gewen, maar nie werklik in die skrums oortuig nie.

Die enigste ligpunt voorlangs was die goeie spel deur die Rooibontes se jong lostrio. Ian McDonald, Judex Burnett en Francois Pienaar was Cheese van Tonder, Johannes Pretorius en die gesoute Pote Human heeltemal oor. Ongelukkig kon die tuisspan se agterlyn glad nie hieruit munt slaan nie.

Die skrumskakel, Garth Wright, het weer 'n goeie wedstryd beleef, maar sy skakelmaat Cameron Oliver se verdediging was nie na wense nie. (Dit is seker nie so ernstig nie. Ander losskakels kom al jare daarmee weg).

Die senters se gebrek aan slaankrag is ook blootgelê. Muller en Scheepers het Lourens Oberholzer en Philip Bronkhorst mak geduik.

In die uitspeelwedstryd om die derde plek het Natal die Oostelike Provinsie so maklik geklop, dat 'n mens maklik op loop kan raak en hom as 'n potensiële Curriebeker-kampioen sien.

Sonder om afbreuk te doen aan die Piesangboere se puik vertoning, moet 'n mens byvoeg dat die OP bra vrot gespeel het.

Wat het Adri Geldenhuys tog besiel om die Ligbloues vir die OP te verruil? Vir 'n voorspeler om sy staal in dié middelmatige geselskap te toon, is geen maklike taak nie.

Rudie Visagie het in sy eerste wedstryd vir Natal vanjaar weer pure Springbok gelyk, maar dit was ná rustyd duidelik dat hy nog glad nie fiks is nie.

Sy slotmaak, Steve Atherton, was ook goed op dreef en die Nieu-Seelander Murray Pierce gaan hom nie maklik lig nie.

Andrew Aitken het ook 'n groot verskil aan die Piesangboere se vertoning in die losspel gemaak en Wahl Bartmann het 'n paar goeie stormlopies ingekry. Of laasgenoemde steeds Springbok-materiaal is, sal ons maar moet sien wanneer hy eers deeglik met sy nuwe span se patroon vertroud is.

Die OP-agterlyn (sonder Michael du Plessis en Danie Gerber) het in die eerste helfte lekker met die bal genael, maar sy losskakel, Gary Parker-Nance, was later onder soveel druk dat daar geen sprake van aanval was nie.

Die Natalse senter Jeremy Thomson is 'n Springbok in wording. Hy het verlede jaar al die oog gevang met sy goeie breekslae, en Dinsdagaand het hy gewys daar skort niks met sy verdediging nie.

Natal se losskakel, Joel Stransky, is ook uiteindelik besig om sy vroeëre belofte gestand te doen. Dit gaan baie interessant wees om te sien hoe hy, Honiball en Oliver oor die volgende jaar of twee ontwikkel.

# Naas tree uit en Krish handhaaf trotse rekord

**Wynand Claassen was reg oor ons rugby. Daar gaan veel meer agter die skerms aan as op die veld. Aan die hand van verlede jaar se stormagtige gebeure, waag TINUS HORN en TIM SANDHAM 'n paar voorspellings.**

**DANIE CRAVEN gaan dit vanjaar duidelik stel dat hy nie sal toelaat dat enigiemand hom intimideer nie. Daarna gaan hy toelaat dat Krish Naidoo-hulle hom intimideer, en die beoogde toer deur 'n wêreldspan kanselleer.**

**Naidoo, wat nog nooit traangas geruik het nie, gaan dié trotse rekord handhaaf deur verskeie protesoptogte te reël, maar dit nooit self naby die aksie te waag nie.**

**Hoewel daar geen toetse gaan wees nie, gaan almal darem 'n kans kry om in die Curriebeker-reeks teen Natal te speel. Elke rugby-spelende land in die wêreld (en 'n paar ander) het vanjaar 'n verteenwoordiger in die Piesangboere se span.**

**Naas Botha gaan vanjaar eers in Oktober vir Noord-Transvaal beskikbaar wees. Hy is verlede jaar kwaai gekritiseer toe hy in Meimaand rugby-voos van Italië teruggekeer het. Vanjaar wil hy eers behoorlik uitrus.**

**Aan die einde van die seisoen gaan Naas (weer) sy uittrede aankondig, maar besluit om aan te hou speel wanneer hy besef hy het niks oor om op te veil nie.**

**Frans Erasmus gaan Zandberg Jansen se kontrak as sy hoof-publisiteitsbeampte verleng.**

**Zandberg Jansen gaan Frans Erasmus aanwys as sy Speler van die Jaar.**

**Warren McCann gaan rugby voorlopig los om hom op die 100-meter toe te spits. Wahl Bartmann gaan nié.**

**James Small gaan geskiedenis maak deur meer spiere te beseer as wat aan die mediese wetenskap bekend is.**

**In die OP gaan Michael du Plessis, helaas, nooit die geleentheid kry om voor 'n eindstryd aerobiese oefeninge op maat van Die Stem te doen nie.**

**Louis Luyt, Steve Strydom en Koos Vermaak gaan 'n nuwe nasionale rugbyunie stig, waaraan net Transvaal, die Vrystaat en die OP behoort. Die goeie nuus is dat al drie spanne se posisie verskans sal wees.**

**As Transvaal steeds nie 'n beker kan wen nie, gaan Luyt maar 'n nuwe politieke party saam met Jomo Sono stig.**

# Peter Hain was reg, sê Dakin

THABO DANIELS

GEOFF DAKIN, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Krieketunie (SAKU) was gekant teen die toer deur Mike Gatting se Engelse rebelle. Daar is egter ten gunste van die toer gestem en hy het hom by die meerderheidsbesluit berus.

Dakin het dié onthulling verlede naweek op 'n sportkongres van die Instuut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (Idasa) gemaak.

Volgens Dakin het hy vanuit die staanspoor probleme voorsien. Die krieketunie het egter voortgegaan met planne vir die toer, omdat sy eerste oogmerk immers is om krieket te bevorder.

Die toer is egter verkort - en 'n tweede toer afgelas - omdat krieket opsy moes staan vir belangriker oorwegings.

"Ons het nie boedel oorgegee nie, ons het konfrontasie verhinder. Ons moes die belange van die land eerste stel omdat die toer 'n nadelige invloed op die verhouding tussen die verskillende rassegroepe gehad het.

Dakin het ontken dat hy en dr Ali Bacher teenstrydige menings oor die toer gehuldig het.

"Koerante het my verkeerd aangehaal. Die hele aangeleentheid is uit verband geruk. In begin het ek en dr Bacher saamgestem."

Volgens Dakin is Peter Hain se pogings om sportkontak met Suid-Afrika te beëindig, heeltemal geregverdig.

"Hy was reg. Hy het ons laat verstaan waaroor alles werklik gaan."

Dakin stel dit egter duidelik dat hy meen krieket in Suid-Afrika verdien meer krediet vir die rol wat hy gespeel het om apartheid teen te werk.

**Fynproe**

# Grou groente *en 'n tradisie wat kwyn*

**NETTIE PIKEUR**

**JY sukkel selde met toeriste, want hulle eet alles. Gee vir hulle kreef, soos Johannes sê, en die spul is tevrede.**

**Dis vriende wat jou opkeil.**

**Ek eet saam met 'n vriend uit Londen, hy is blinkoog opgewonde oor sy eerste besoek aan die Kaap in meer as tien jaar. Hy vergryp hom nou aan vars kreef (wat 'n tiekie kos as jy in sterling pond betaal), spreek 'n lesing oor die heerlikheid, en wil niks verder hê nie, dankie.**

**Net 'n slaai, asseblief, gewoon met vinaigrette, dan 'n paar vars vrugte.**

**My keel trek toe, want ek weet hoekom vrind Brian so vitamiene soek: Hy is op pad na Namibia se vierings, en raai heeltemal korrek dat "hacked meat, lava gravy and mash" sy voorland is vir drie dae.**

**My verwagtings oor díe slaai en vrugte aan ons tafel die aand was vervul: yskoue ysbergblare (hoekom weier die meeste restaurante om Bibb-slaai of andyvieblare of enige ander soort aan te hou?) gepak in 'n einaklein bakkie met skyfies tamatie, uieringe en 'n sogenaamde vinaigrette. Die had daai spikkels in wat 'n dead giveaway is van bottelsous, nog voor jy daaraan proe. Te veel sout, en verder niks behalwe 'n suur asynsmaak.**

**(Sal BJ die wynman seblief eenkeer iemand opspoor wat weet van goeie asyn, wat after all 'n tak van die wynbedryf is?)**

**Vriend Brian se finale bestelling van 'n bordjie vars vrugte was embarasserend verby. Vrugte? Vars vrugte in 'n restaurant? Nog nooit gehoor nie, sorry sir. Vrugteslaai, ja, met roomys miskien? Sy lus vir 'n trossie wit druiwe en 'n nektarien of twee blijft onversadig tot ek hom laataand twee perskes uit die bak op my sitkamertafel gevoer het.**

**Lamlendig probeer ek verduidelik ons is bederf met vrugte, dis niks spesiaals, jy koop die alles rand-a-bag op straat en eet dit so in die loop... En toe word ek verdomp kwaad oor die ongeskiktheid. Wat het ons teen vars vrugte in 'n restaurant?**

**Brian se ervaring gee gestalte aan 'n ou-ou grief wat ek al jare koester. Dit behels die voorbereiding en bediening van ons beste kos: vrugte en groente.**

**Waar is ons heerlike eiervrug, bros gebraai met 'n vars tamatiesous? Is ek al een wat altyd net slymerige eiervrug in 'n restaurant kry?**

**Kool is hoeka goedkoop, maar dit ruik sleg as jy dit opkook in water. Braai die gekerfde blare in 'n lepelvol olie, gooi 'n skoot witwyn oor, maak toe die pan, en geur net voor opdis met komynsaad. Is dit nou moeilik? Wollerige wortels, glasig van gesmelte witsuiker, smaak agteruit. 'n Druppel heuning en 'n lepelvol vermoet maak 'n hemelse verskil.**

**'n Sjef in 'n restaurant is kapabel en bied jou met trots sy geurigste, varsste stukkie geroosterde koningklip aan, eenvoudig met suurlemoenbottersous, en dan kom die arme bliksem van 'n kelner en skep blik-ertjies daarby.**

**G'n ontsag vir groente, het die ou mense gesê. Die Ingelse kry die skuld vir al daardie opgekookte aartapels en brusselspruite wat 40 minute in water geborrel het.**

**Hulle kook-erfenis hier klou aan ons soos stront aan 'n wolkombers. In 'n slegte restaurant voel ek soms die kok het laas gewerk vir die vorige Britse ambassadeur in die Soedan.**

*******

**EEN eenvoudige, lieflike boek oor groente is "Leaves from our Tuscan Kitchen", eers gepubliseer in 1899, deur Janet Ross. Sy was 'n Engelse vrou wat meer as 50 jaar in Toskane gewoon het en haar kok, Giuseppi Volti, se resepte vir die plaaslike groente getrou neergeskryf het.**

**Dié kookboekie (dis baie dun) is nou nog te koop, en is die moeite werd: die eenvoudige en eiesoortige benadering tot die bereiding van groente spreek van 'n waardering van egte streekskos.**


**Een resep wat ons net so by die Toskane kan oorneem, is hul manier om preie te kook:**

**Sny al die groen uit ses groterige preie en was deeglik sodat nie 'n korreltjie sand oorbly nie. Dompel in kookwater vir sowat tien minute. Haal uit en dreineer.**

**Sny elke prei in vier lang stukke en rangskik in 'n gesmeerde plat oondbak.**

**Strooi grofgemaalde peper, sout en 'n koppievol room bo-oor. (Dis min room vir ses mense!)**

**Bak vir sowat 25 minute. Sprinkel gekapte pietersielie oor. En moenie probeer slim wees en 'n paar teelepels Parma-kaas bo-oor strooi nie. Onthou wat die Franse sê: Faites simple. Hou dit eenvoudig.**

DIE NATUUR HET REEDS AL MILJOENE JARE GELEDE AL GEWEET WATTER SOORTE WYNE ONS SOU VERBOU.

WIE IS ONS OM TE STRY?

'n Mens sien Boschendal en besef dis pragtig. Maar eers as jy Boschendal se wyne proe, voel jy aan hoe hierdie kontrei se hart klop. Want dis die natuur wat die beste wyn maak — nie die mens nie. Dis ons taak om die volle potensiaal van alles wat Boschendal bied, te verwesenlik. Die klein wingerde. Elkeen met 'n ander grondsoort. En elkeen lewer 'n ander wyn op. Die landgoed teen die agtergrond van die berge. Sy lang, koel namiddae. Volmaak vir die ontwikkeling van subtiele, elegante wyn. En die koue winterdae wat die wingerde laat rus, en karakter ontwikkel. Hier het ons Franse Hugenootvoorvaders hulle gevestig. Met die wete dat goeie wyn verbou word en nie in die kelders gemaak word nie.

BOSCHENDAL

WAAR DIE FRANSE HUGENOTE DIE WYNKULTUUR GEVESTIG HET.

01/A


## *Die Nederburg-veiling*

# Handel bra sku vir die hoë pryse

***BJ LANKWAARDEN***

DIE sestiende Nederburg-wynveiling was weer eens een van die belangrikste gebeurtenisse op die Suid-Afrikaanse wynkalender.

Verlede Saterdag is die mense met mistige weer begroet en vir 'n oomblik het dit gelyk of die veiling in die reën gaan plaasvind. Dit het nie gebeur nie, soos gewoonlik, en die lisensiehouers kon met die ernstige wynkopery begin.

Die wynveiling was nog altyd die toonaangewer op die plaaslike wynfront, en dié jaar was geen uitsondering nie.

Hoewel pryse dié jaar in die algemeen hoër was, was die gevoel ook dat daar werklike winskopies was.

Verlede jaar was die gemiddeld R127,83 per kissie wit wyn en R323,52 per kissie rooi wyn, terwyl dit dié jaar R157,79 (wit) en R339,31 (rooi) was. Die kleinhandel het baie verantwoordelik opgetree en sekere deelnemers wat hul pryse te hoog gestel het, kon nie hulle wyn verkoop kry nie. Dit was opmerklik die geval met 1981 Bellingham Shiraz - die prys is op R456 per kissie gestel en nie een is verkoop nie.

Simonsig Koöperasie het hul pryse vir 'n ses-bottel-kissie van hul 1982 Cabernet Sauvignon op R213 vasgestel en 26 kissies is nie verkoop nie. Verbeel jou, R33,50 vir 'n bottel koöp-wyn!!

Wyne soos Groot Constantia Cabernet Sauvignon 1973, wat 'n paar jaar gelede groot pryse sou behaal het, het gesukkel om te verkoop.

Die handel was sku vir die hoë pryse, omdat hul steeds van die ouer wyne in voorraad het en die aanvraag daarvoor nie so groot is nie. Selfs van die ouer Zonnebloem-wyne het nie so maklik verkoop nie, en dit moes vir die afslaer, Patrick Grubb, gevoel het asof hy tande trek.

Tog het hy sy vaardigeheid bewys en 'n totaal van R1 850 636 ingewin.

Die totaal is grootliks aangehelp deur Hans Schreiber van die Neethlingshof-landgoed, wat eiehandig die Westelike Provinsie se aandeel in die totale aankope van 18 tot 35 persent opgestoot het. As dit skaars was, het Schreiber dit gekoop.

Só het hy 'n kissie 1965 Lanzerac Pinotage teen R5 200 gekoop, 'n kissie 1973 Kanonkop Cabernet teen R3 600, ook 'n kissie 1965 Lanzerac Cabernet teen R1·100, en 'n enkele kissie 1974 Rustenburg Droë Rooi teen R7 100.

Hy kon ook daarin slaag om 'n kissie 1967 Lanzerac Pinotage teen R5 200 te koop en het daarna R10 500 vir vier bottels 1970 Johann Graue Cabernet en R11 000 vir 'n enkele bottel 1966 Chateau Margaux, wat deur Paul Pontallier geskenk is, betaal. Pontallier het ook die veiling geopen.

Hoewel die laaste twee items vir liefdadigheid opgeveil is, bly dit 'n klomp geld.

Die ses items wat aan die einde van die dag vir liefdadigheid - die Hospice-assosiasie van Suidelike Afrika - opgeveil is, het altesame R28 000 gehaal.

Daar was verskillende nuwighede by dié jaar se veiling. Paul Pontellier in sy toespraak waarin hy die voor- en nadele van die plaaslike wynbedryf aangespreek het, was raak in sy gevolgtrekkings.

Hy het die hoë vlak van tegnologie in die bedryf verwelkom en gekla oor die ingewikkelde wynwette. 'n Ander groot voordeel is die lae pryse, en hy het opgemerk dat Suid-Afrika en Chile vandag die beste waarde vir wyne van gehalte lewer.

Van die nadele wat hy uitgewys het, is die feit dat soveel wynboere druiwe onder ongunstige toestande kweek. Dié wynstokke bly dan dikwels daar vir geslagte lank. Gelukkig is dié toedrag van sake aan die verander omdat al hoe meer mense die kweek van druiwe onder ideale toestande begryp.

Hy het dit so gestel: "Om die regte druiwestok op die regte plek te plant, behoort die heel eerste oorweging te wees."

Nog 'n hoogtepunt was die middagete. Southern Sun het ses van die land se beste sjefs daar gehad en die kos, aan meer as 1 400 mense bedien, was 'n fantasie vir beide die oog en die smaakkliere.

Tydens die middagete het Nederburg 'n nuwe wyn, Nederburg Prelude, bekend gestel.

Dié wyn gaan die belangstelling gaande hê - dit is 'n mengsel van Chardonnay en Sauvignon Blanc, waarvan die helfte houtverouder is. Dit is so 'n lekker wyn, ek moes omtrent twee bottels tydens die ete gedrink het, en ek het 'n kissie bespreek.

Die wyn is nie duur nie, maar dit proe duur. Die bottelvorm en kleur is ongewoon en Nederburg voorsien sekerlik 'n groot toekoms vir die wyn.

Die hoogste prys vir 'n bottel wit wyn dié jaar was R880 vir 'n bottel 1987 Hamilton Russell Vineyards Chardonnay. Dit is interessant omdat dit nou 'n paar jaar reeds gebeur dat droë wit wyne hoër pryse as die baie soetes behaal. Die Nederburg-veiling was weer eens 'n geleentheid wat 'n mens nie kon misloop nie.

# 'Unless comix wake up, they're doomed'

***Bill O'Connor is a starving lunatic who dreams of sex, fame and fortune, in that order. None of his dreams came true when his work appeared on an exhibition of Alternative Comix at the Market Theatre two years ago, but he did get free wine.***

***Meanwhile, he sublimated his desires through drawing cartoons and devising a computer program that would write its own poetry.***

***The cartoons sometimes appeared in PAX, the magazine of alternative comix; the poetry remained a figment of Bill O'Connor's imagination.***

***Today, he makes a living drawing "in betweeners" for cartoon animation strips, of the kind that introduce TV kiddie shows in the afternoon. Last year, he stayed out of trouble by working full-time for Laughing Stock, South Africa's first humour magazine.***

***Before that he worked as a parking attendant at Johannesburg Hospital and lived in a ground floor flat in Joubert Park, next door to a corner cafe which advertised "Free Ear Piercing". This is where ARTHUR GOLDSTUCK first encountered him. He took ANDREA VINASSA with him for protection and pictures.***

***The flat is filled with piles of books masquerading as furniture. It also boasts a TV set, a mattress and a chair. Bill O'Connor sits on the mattress under the only window, furiously puffing at a cigarette.***



***What is the state of the art of cartooning in South Africa? More important, what is the state of mind of an unknown cartoonist who believes he can save The Comic Strip As We Know It? ARTHUR GOLDSTUCK finds out in a braindamage-defying interview, reproduced here verbatim***

ARTHUR GOLDSTUCK: Are you famous yet?
BILL O'CONNOR: Phwaugh! Famous. Phwaugh! Famous. If you think this is fame, look at all the fruits thereof.
AG: Mr O'Connor, you're a typical South African celebrity. No one has ever heard of you. How do you feel about this?
BoC: Well, that is the fate of all typical South African celebrities. If you're celebrated for anything, you're either unknown or overseas.
AG: What do you intend to do about that?
BoC: Wghuhuuugh! I must warn you I got to bed at about half-past-five this morning. I will not tell you what I was doing. It was certainly illegal. Rather ask me my opinion on the current state of South African cartooning, if such a thing can be said to exist.
AG: What is your opinion on the current state of South African cartooning, if such a thing can be said to exist?
BoC: What current state of South African cartooning?
AG: ?
BoC: There isn't one really. There appears to be... I need some sleep.
AG: Is cartooning a recognised art form in South Africa?
BoC: No, it is not, because there is no cartoon industry as such, merely a few newspaper strips.
AG: Do you hope to help change that?
BoC: I hope to help change it, definitely. My major ambition right now is to get my own comic book started. Which will follow the principles of great cartooning art. One moment while I dig out a sample of what I mean. Ah, here. Wait, these are good copies. I wouldn't want you to handle them. Ah, here's a bad copy. Here you are. That was a character called Plastic Man, created by Jack Cole. That is Woozy Winks, Plastic Man's sidekick.
AG: Do you model yourself on Jack Cole, or on Plastic Man?
BoC: I model myself on Woozy Winks. He is totally insane and ineffectual, food-obsessed and a woman-mad lunatic.
AG: That sums you up?
BoC: I merely admire him and hope one day to achieve his pre-eminence in his chosen fields.
AG: How far have you got?
BoC: I'm a failure at all of them, I'm afraid. I'm just not ugly enough, I'm not stupid enough. I'm not good enough at all.
AG: Do you feel artists should starve for their art?
BoC: No, I think artists should be well rewarded for their efforts, when they can produce their efforts. I regret to say I haven't done so, so I can't complain.
AG: Do you feel you have to follow a pure ideal?
BoC: Yes, a pure ideal of cartooning, which I find sadly lacking in South Africa. Considerable sections of those involved in cartooning seem obsessed with false role models, such as the Sixties underground in America. Of course, if you're sufficiently locked into your genius, you can take a poor role model and make something great out of it. But few of us are locked into our genius.
AG: Are you a genius?
BoC: Time alone can tell.
AG: Are you a ... part-time genius?
BoC: Definitely.
AG: Where does this genius manifest itself?
BoC: In terms of making total and complete cock-ups beyond the range of ordinary mortals. It takes a rather rare and extraordinary range of ability, I can assure you. But then again, that sort of genius is rampant in South Africa.
AG: Yes, you're not very unusual. Have you ever thought of working for the SABC?
BoC: Ughruguahg. I might if I could tolerate them but I refuse to do so. This has nothing to do with the fact that they won't tolerate me, of course.
AG: Quite. But you seem to have tolerated lesser institutions in the past.
BoC: Chiefly government institutions. Even a struggling cartoonist has to eat, I'm afraid.
AG: What about your earlier career?
BoC: I was a photographer briefly with Donald Woods at the Daily Dispatch.
AG: Taking pictures of Donald Woods mostly?
BoC: Avoiding taking pictures of him, mostly. No, merely taking pictures of whatever was happening in the town at the time. Woods himself turned out to be an A-grade fascist. Disgraceful. Absolutely disgraceful. What can you do with a man who refuses to countenance those who wear coloured shirts with their business suits? He picked on my hairstyle. Too long. He refused to live with that.
AG: Did he force you to resign because of your hair?
BoC: No, I forced myself to resign because of my desire for money. They were paying me R90 a month before deductions for working seven days a week. I thought I'd try the railways. R140 a month before deductions. This was in 1970.
AG: Is that how you got to Johannesburg, by rail?
BoC: No, that was a long and circuitous route via Durban, Cape Town, then working as a postman in my hometown of East London and in Durban. In Durban I was obliged to resign for a reason I certainly will not mention. I was unemployed in Cape Town for a period, and eventually I got to Johannesburg. Then my fortunes really started to decline. I came in the hope of joining an animation studio, which I did.
AG: They have them here?
BoC: There are rumours to this effect. This one collapsed two years after I joined. I don't know if any connection exists. I would recommend that any would-be cartoonist get some training in animation. It's very good grounding for cartooning indeed. It forces one to look where one puts lines, instead of putting them any old where.
AG: Did you start going downhill after the studio closed?
BoC: I started going downhill the moment I was born. I hope one day to reach bottom, but I haven't done so yet. I'm still on my way.
AG: What landmarks have you reached on the way down?
BoC: The chief stations of my degradation cannot be mentioned in public.
AG: What do you do for a living?
BoC: I. Am. A. Cashier at the Johannesburg General Hospital parking area. Sitting behind a cash register taking parking fees.
AG: Is this a rewarding experience?
BoC: No, I find it extremely debilitating.
AG: Have you thought of doing something else?
BoC: Jobs in the art field are mainly confined to advertising and they're not open to me because I don't do that kind of art.
AG: How do you intend achieving fame as a cartoonist?
BoC: If I could for once in my life sit down and do some work I hope to produce a comic book or two.
AG: What's in this filing system type thing?
BoC: Nude females.
AG: For purposes of what? We'll ignore self-abuse.
BoC: We'll ignore that aspect.
AG: Is it for reference purposes?
BoC: Yes, for my filthy and pornographic efforts which will obviously not achieve publication.
AG: In this country.
BoC: There's a possibility I might get publication in America, if I could just churn the stuff out. I have this idea. You've heard of Sword & Sorcery? Well, stick around for Sex & Sorcery.
AG: What influence does living next door to a cafe that advertises free ear-piercing have on your work?
BoC: Not as much influence as living on the ground floor and lunatics making ear-splitting noises outside my window, which has an affect on my work, namely it prevents it from being created in the first place. My biggest problem is sitting down and working.
AG: Do you prefer gazing into space?
BoC: Gazing into space, reading, mucking about with computers, we've already not mentioned self-abuse. Listen, I haven't said anything of significance yet.
AG: Please tell our readers something of significance.
BoC: Fine. Please publish my address, please tell people to send money. On second thoughts, they might send bombs. I have enough trouble getting harassed. By sensation seekers! Perverts! If there's a rich man reading this, who would like to offer a certain amount of money to the backing of a cartoon magazine, please get in touch. In any case, look. The whole point about the underground thing is, you can't have an underground if you don't have an overground.. But there is no overground in South Africa. So basically any underground here is parasitic on overseas productions. I consider modern American underground comics to be really too far in the direction of the excessively realistic.
AG: Would you like to create a true overground in South Africa?
BoC: I would. Take Dov Fedler, a guy who has the talent to produce overground talent art. He confines himself to editorial cartoons, advertising and the like, which seems a waste of a potentially remarkable talent. I had to say that in case he reads this.
AG: Do you regard any other South African cartoonists as remarkable talents? Besides yourself, of course.
BoC: I'm glad you mentioned that, now it's out of the way. Rodney Prynne, as a conceptualiser, is quite good. Andy Mason could achieve something if he learnt how to draw. Of course, there's Len Sak of the Sowetan, he's definitely one of the more distinguished cartoonists.
AG: Would you say some significant things while I drink my coffee?
BoC: Actually I did rehearse one or two things last night while I was zonked out of my head. Oh dear, I gave myself away. Let's see. basically it's the function of the cartoonist to reflect the absurdity of the universe. It is not the function of the cartoonist to produce photographs or other forms of quasi-TV realism. But that is the fate that has befallen modern comics. For instance, in certain quarters a comic called The Swamp Thing is highly touted. The Swamp Thing's basically an alienated monster against a realistic background. That doesn't go far enough. The cartoonist must show that the world is filled with alienated monsters, namely us.
AG: Don't you think The Swamp Thing is a good start?
BoC: No, I don't think it's a good start, it's not even a good middle and it's a lousy finish. American comics are finished if they carry on in that manner.
AG: What don't you like about realism in comics?
BoC: Look, let's take The Swamp Thing and Alan Moore, the writer, the guy whose really built it up. Alan Moore's idea is that you can produce good comics by ripping off adult concepts from the novel and similar areas. The novel is not the business of cartoonists. Cartooning is an autonomous area which has to draw on less jaded sources than the modern novel, less decadent sources. Comics should be pure insanity. But there's no one producing that kind of comic nowadays. Everyone's on the gravy train, producing crap that sells.
AG: Isn't society more culturally attuned to realism?
BoC: Unfortunately, perhaps so. I think this is a tragedy for art, especially comic art.
AG: Shouldn't art reflect cultural attitudes?
BoC: No, art should shape cultural attitudes.
AG: Give me examples of comics that achieve your ideal.
BoC: In modern times, nothing. In the Golden Age of comics — the forties and fifties — there was the work of Bill Eisner with The Spirit, and Jack Cole with Plastic Man. They were two of my major influences.
AG: Are there any literary counterparts of the comics ideal that you strive for?
BoC: Well, yes. I'd say that the best literary counterpart is Charles Dickens. He I consider a great cartoonist in words. He was regarded in some areas as an overbearing radical and of course he was also accused of being a caricaturist because of the extremity of his characterisation. He was totally surrealistic in his approach. Dostoyevsky was another. He was influenced by Dickens. I can't think of any modern writers.
AG: And the future of comics?
BoC: I would say that unless comics wake up they're doomed. They'll just be absorbed by the novel. They'll become novels with little pictures. Uninspiring little pictures. Or else they will die and everyone will be glued to their television sets watching "The A-Team"...

STOP PRESS: Since this interview, Bill O'Connor has almost failed completely as a failure. First DC Comics (one of America's big two) agreed to consider a proposal from Bill for a revamped Plastic Man. He never delivered. After this new low, he sold a monthly comic strip to a teenage magazine, which eventually dropped the strip due to its potentially corrupting effects. Bill was well on his way. Unfortunately, Laughing Stock lured him out of the parking garage with promises of double the money and as much editorial abuse as he could swallow. He moved to Berea — still on the ground floor — and promptly spent all his excess cash on building up the finest collection of Plastic Man comics in South Africa. Finally, a nine-to-five job proved too much for Bill, and he persuaded TV cartoon animator Butch Stolz to give him a job at a much lower salary, but with all the smoke breaks he could handle — since he'd be working from home. Eventually, he may even find time to draw his own comic book, and failure will have eluded him completely.

Package tours of Bill's brain are now available. Hurry up and take advantage of the offer, while shocks last.

